Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 29 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys op bladsy 5 om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE


**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. "Maaltyd" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "Briefie aan Madiba" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "Tsunami" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| 4. "dienaar van die nagereg" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. "Middestedeling" | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 12 |
| 7. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 12 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 15 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 15 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 18 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 18 |
| 12. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 21 |
| 13. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 21 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 24 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 24 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 27 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 27 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |

**LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Maaltyd – PJ Philander**

Ou moeder met haar hoepelrokkie
en stywe kappie, staan hande gevou
in die vorm van 'n koperklokkie
vir smôrens, smiddags en vir nou.

Die blou bord en die skoon servet,
die helder bril, die Bybel oop,
en teen die hoë muur haar groot portret
hou my aan haar steeds vasgeknoop.

En op die gladde, blink buffet,
glimmend in die skerp lig van die lamp,
skyn sy nou in die seëngebed,
leef sy nou in die wasige damp.

Sy was eers goud, heel later silwer,
nou's sy koper waar sy staan,
maar met elke lui dan skilfer
af ... die grasgroenspaan.

[Bron: *Uurglas,*1955]

In die gedig dra die titel, beeldspraak en stylfigure effektief daartoe by om herinneringe aan die oorlede moeder te laat voortleef.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Briefie aan Madiba – Sandra O'Kelly**

Liewe Madiba, ek skryf dié vir jou.
Ek weet jy kry briefies soos my een aan jou.
Ons het nooit ontmoet nie, maar voordat jy groet.
Wil ek jou iets vra, dis iets wat ek moet.

Gee my jou boeie, ek wil dit dra.
Die merke op jou hande, jou vrese jou vrae.
Ek sal dit oppas, dit altyd bewaar.
Eendag met liefde aan my kinders oordra.

Liewe Madiba, jy sal van my hou.
Ek's lief vir my land en sy mense en sou
so graag wil kom kuier en net met jou praat.
Oor ditjies en datjies en goed uit my hart.

Gee my jou drome, ek wil dit sien.
Die prys so betaal om ander te dien.
Ek sal dit koester die wêreld sal weet.
Jou voorbeeld en liefde sal ons nooit vergeet.

Gee my jou ambag, ek wil dit leer.
Hoe 'n leier en koning sy mense kan eer.
Ek sal dit beoefen, ek sal dit ken.
Dis teerheid en liefde wat ander kan wen.

Gee my jou drome, ek wil dit sien.
Die prys so betaal om ander te dien.
Ek sal dit koester, die wêreld sal weet.
Jou voorbeeld en liefde sal ons nooit vergeet.

Liewe Madiba, ek skryf dié vir jou.
Ek weet daar's baie briefies soos my een aan jou.
Ons het nooit ontmoet nie, maar voordat jy groet.
Wil ek jou iets vra, dis iets wat ek moet.

[Bron: *Verse in my inboks*, 2017]

2.1 Wat word 'n strofe met vier versreëls genoem? (1)

2.2 Waarom is die aanspreekvorm in hierdie brief ongewoon? (1)

2.3 Waarop dui die woorde "die merke op jou hande" in versreël 6? (1)

2.4 Verwys na versreëls 9 tot 16.

2.4.1 Benoem die halfrym in versreël 12. (1)

2.4.2 In watter opsig is daar 'n ooreenkoms EN 'n verskil tussen die spreker en Madiba? (2)

2.5 Haal 'n versreël uit versreëls 17 tot 20 aan wat bewys dat die president nederig was. (1)

2.6 Benoem die rymsoort in versreëls 21 tot 24. Evalueer die geslaagdheid van hierdie rymsoort. Motiveer jou antwoord. (2)

2.7 Dink jy die eufemisme in versreël 27 word effektief gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Tsunami – Kobus de Wet**

*11 Maart 2011*

toe die aarde se kors in twee skeur
het eoniese kragte die oseaan gelig
en woedend maar dodelik sekuur
het die watermonster met volle mag
op weerlose wesens afgestuur …

vergeefs is vervaard geskarrel
om voor die sissende serpent
van verwoesting te ontkom
want duisendtalle het soos oggendmis
in hul geliefde nippon
onder die water en puin
verdwyn

weke lank het die monster se ingewande
nog van oordadigheid gerammel
toe traag maar tevrede
na die dieptes teruggetrek

[Bron: *Verse in my inboks*, 2017]

3.1 Waarna verwys die subtitel EN wat is die funksie daarvan? (2)

3.2 Waarom is die gebruik van die woord "skeur" (versreël 1) geslaagd binne die konteks van die gedig? Skryf EEN woord uit versreël 3 neer wat hierdie gedagte versterk. (2)

3.3 Skryf TWEE opeenvolgende woorde uit versreël 4 en 5 neer wat 'n kontras met "watermonster" vorm EN dui aan met watter halfrym dié woorde beklemtoon word. (2)

3.4 Wat is die funksie van die beletselteken/ellips in versreël 5? (1)

3.5 Die tipografiese inkeping in versreël 12 is effektief.

Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord deur na die inhoud van versreëls 8 tot 12 te verwys. (1)

3.6 Die aanvangswoord van versreël 1 en versreël 15 is "toe". Verduidelik die progressie in hierdie herhaling. (1)

3.7 Verklaar die afwesigheid van hoofletters binne die konteks van die gedig. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**dienaar van die nagereg – Patrick Petersen**

wanneer ek, pie djy pie, dink aan u pa-pappa-pappie
sien ek
u langarm in 'n jas reënerige kakie op 'n groen raleigh
vir presies wees; 'n teen-koue-kakiekombers dik om u
lyf gespan; wasem wat soos spookasem uit u mond hang;
op kantoor besig met die administrasie
van wit mag; en buite brand die blou lig blouer teen
die totale aanslag van links en swartwees; tussen twee tot tien
elf tot sewe vyf tot een en tien tot ses.

wanneer ek aan u werk dink pappa-piet
sien ek
'n hart wat vuiste maak; haat wat opgroei en 'n
grootman raak; die maan wat snags u beatstap
tel; die wind altyd weer die wind op wolseley
wat die dood in sy knope opgaar; blink geelkoperknope –
waarin die volksnag lawenis soek; lexingtons
en way side twak; die apostoliese hawe – 'n kloekbaai
wat haar skuitjies bymekaar hou.

en eenkant langs die tafel voor die stoof sit slaap
my skaduwee en ek.          wag vir die kedoes medi
husse met lang-lang ore.          wag vir tjoklit en humbugs.
wag vir die dienaar van die nagereg.          wag vir één dag.

[Bron: *amandla ngawethu*, 1985]

4.1 Wie is die spreker in die gedig? (1)

4.2 Watter stylfiguur kom in "u langarm in 'n jas" (versreël 3) voor? Verduidelik die figuurlike betekenis van "langarm". (2)

4.3 Benoem die beeldspraak in versreël 5 EN sê wat die spreker met dié beeld bedoel. (2)

4.4 In watter opsig kan die pa se werk (versreëls 6 tot 8) as ironies beskou word? (1)

4.5 Wat, dink jy, is die oorsaak van die "haat wat opgroei" (versreël 12)? (1)

4.6 Evalueer die gebruik van die tipografiese wit wat in versreëls 20 tot 22 voorkom. Motiveer jou antwoord. (1)

4.7 Dui die funksie van die herhaling in versreëls 20 tot 22 aan EN verduidelik waarna "één dag" verwys. (2)

**[10]**

**EN**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Middestedeling – Adriaan Coetser**

Sondag word stadig wakker en
begin vroeg baai in die nawinterson.
Skielik skel 'n alarm fel
met verkeerslui wat snel na punt L.
Winkeldeure open en verkondig
vandag se afslagpryse op karton.
Nagklubs vee die vorige aand se rinkink
op die sypaadjie uit:
vol van buite – van binne leeg.
Ek soek af in Sewende Laan en hoor luid
hoe vermoeide selfone sms'e wyd en syd verkondig;
kruis die park waar Saterdag se baie liters vuil
die groen verskuil.
Moeë verkeersligte staar vir my aandag.
Ek voel die stad begin beweeg.
Net: op die hoek van Smal- en Breëweg
staan die ou kerkgebou
(dood-)stil.

[Bron: Ongepubliseerd]

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Noem EEN tegniek wat in versreël 1 en 2 gebruik word om te benadruk dat die stad "stadig" wakker word. | (1) |
| 5.2 | Watter woord in die gedig dui die tyd van die jaar waarin die gebeure plaasvind, aan? | (1) |
| 5.3 | Versreël 1 en 2 vorm 'n kontras met versreël 3 en 4.<br><br>Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. | (1) |
| 5.4 | Verduidelik die letterlike EN die figuurlike betekenis van versreël 9. | (2) |
| 5.5 | Verwys na versreël 12 en 13.<br><br>Lewer kommentaar op die gebruik van "liters" binne teksverband. | (1) |
| 5.6 | Benoem die beeldspraak in versreël 14 EN verduidelik waarom hierdie beeldspraak geslaagd is. | (2) |
| 5.7 | Hoe sluit die verwysing dat die kerkgebou "op die hoek van Smal- en Breëweg" geleë is by die boodskap van die gedig aan? | (1) |
| 5.8 | Wat bedoel die spreker met die slotreël van die gedig? | (1)<br>**[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

In Greg Owen se matriekjaar veroorsaak sy pa en Eckardt spanning by hom.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

As dit nie was dat my pa my so gedruk het nie, het ek ook nie 'n duiwel omgegee vir skoolwerk nie. Maar ek doen dit om hom van my rug af te hou. Nee, seker nie net daaroor nie. Ek doen dit omdat – ag, los dit liewer.

Eckardt is anders. Hy lees omdat hy wil. Hóéveel boeke al hierdie paar maande dat ek hom ken. Die boeke staan netjies gerangskik op sy boekrak. Dalk alfabeties ook, as jy nader gaan kyk.

Skielik vang my oog een van die boeke: *Depression.*

Nou vir wat sal hy só iets wil lees? Het hy 'n probleem? Ek probeer terugdink aan die baie kere dat ons saam was. Die onderwerp het nooit opgekom nie. Oukei, hy is nie juis 'n party animal nie. Altyd stil, op sy plek, half eenkant. Maar genoeg deel van die groep om nie soos 'n seer vinger uit te staan nie. Dis seker wat jy moet doen as jou ouers jou in jou finale skooljaar in 'n nuwe skool kom smyt. Die laaste ding wat jy wil doen, is uitstaan, anders wees. Dit kan nag word vir jou.

Skielik oorval 'n skuldgevoel my. Ek was amper die ou wat dinge swaar gemaak het vir hom. Bloot omdat hy nuut was hier by Lawson.

Maar dit het verander. Ek het gesien hy is eintlik 'n cool ou. Of liewer, dit was meer as dit. Ek het iets anders in hom gesien.

7.1 Waar bevind Greg hom EN wat probeer hy spesifiek dáár doen? (2)

7.2 "Ek doen dit omdat – ag, los dit liewer." (Reël 3)

7.2.1 Dink jy Greg se pa het op hierdie tydstip rede om Greg te druk om harder te werk? Motiveer jou antwoord. (1)

7.2.2 Greg wil die werklike rede waarom hy sy skoolwerk doen, nie hardop sê nie. Wat is hierdie rede? (1)

7.3 Die optrede van Greg se ma en pa teenoor hom ten opsigte van sy akademie verskil.

7.3.1 Hoe verskil hulle optredes? (1)

7.3.2 Watter verskillende verwagtinge het hulle onderskeidelik van Greg? (2)

7.4 Hoe het dit gebeur dat Greg en Eckardt ontmoet het? (1)

7.5 Watter positiewe EN negatiewe rol het Eckardt se omvattende boekekennis in Greg se lewe gespeel? (2)

7.6 Haal 'n frase uit TEKS A aan wat daarop dui dat Eckardt 'n buitestander is. (1)

7.7 Verwys na reël 14 en 15.

Wat was die rede waarom Greg die lewe vir Eckardt moeilik wou maak EN hoe het hy dit probeer doen? Noem EEN rede waarom Greg nie met sy planne voortgegaan het nie. (3)

**EN**

**TEKS B**

'n Sukses? Is dit nog enigsins moontlik? Kan ek weer in die mindset kom waarmee ek die jaar begin het? Ek weet nie hoekom nie, maar selfs al voel ek en my pa soos vreemdelinge vir mekaar, is daar iets in my wat nog smeek vir my pa se aanvaarding. Iets wat hom nog tevrede wil stel. Maar dan is daar ook die ander deel van my wat wonder of enigiets wat ek doen, goed genoeg gaan wees vir hom. Sal daar ná alles nog meer verwagtinge wees waaraan ek nie sal kan voldoen nie?

Moet ek sy liefde en aanvaarding koop met my prestasies?

Sal ek John se skoene kan vol staan?

Die besluit is 'n tawwe een, maar dit is een waarby ek gaan hou. Ek gaan weer probeer. 'n Nuwe begin maak. Vir John. Vir my ma. En, ja, ook vir my pa.

Hierdie tyd van die oggend is al Clarens se galerye en ander winkels nog toe. Net by die gastehuise is daar lewe. Motors staan in die strate. Sommige van die bome wat in die somer so groen staan en skaduwees gooi, is nou kaal, maar Clarens het 'n sjarme wat min klein dorpies het. Dis 'n plek wat 'n mens tevrede laat voel met jouself. En dis seker waarna almal van ons soek, uiteindelik.

Ek staan voor die Addy Hoyle Fine Art galery en kyk na binne deur die blokkiesvensters.

Die stem kom onverwags: "Terwyl Zeus, die heerser van Olimpus, slapend gevou lê in Hipnos se vlerke, strand sy seun, Herakles, se skip vandag weer op Kos."

7.8 Waarom bevind Greg hom in Clarens? (1)

7.9 Noem die soort verteller wat in reëls 1 tot 8 voorkom. Lewer kommentaar op die effektiwiteit van hierdie tipe verteller in hierdie reëls, asook op die retoriese middel wat die verteller in hierdie reëls gebruik. (3)

7.10 Greg voel hy en sy pa is vreemdelinge vir mekaar. Waarom is dit ironies as jy sy pa se beroep in ag neem? (1)

7.11 In watter opsig toon Greg se besluit in reël 9 en 10 groei in sy karakter? (1)

7.12 Dink jy Greg sal by sy "tawwe" besluit kan hou? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

7.13 Verwys na reëls 14 tot 17 van TEKS A en reël 18 en 19 van TEKS B.

7.13.1 Wanneer het Eckardt gewoonlik die woorde van TEKS B gebruik EN waarom gebruik hy dit hier? (2)

7.13.2 In watter opsig verander die gevoel wat Greg in TEKS A teenoor Eckardt openbaar ná hulle ontmoeting in TEKS B? (1)

**[25]**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS*** **– Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG**

Kultuurverskille skep spanning by Baas en Griesel onderskeidelik.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

Hulle is op pad van Ngweze af terug na Manaka toe. Griesel is nie by hulle nie. Hy het siek geword, sê Nanna. Hy is in die hospitaal. Dit is malaria. Hy is baie moedeloos. Sy het oom Scholtzie gebel om vir hom te sê. Hy sê hy kom so gou moontlik. Daar is ook goed wat hy vir hulle moet bring.

Ouma Essie klim nie uit die Datsun om hulle te groet nie. Sy voel nie lekker nie. "Dit is my kop," sê sy.

Grace sê nie vir hulle die dekgras en die hoop balke en al Nanna-hulle se besittings het uitgebrand nie. Sy sê net die boot is weg.

Ouma Essie kyk na Baas. Haar oë huil. Sy gee vir hom 'n brief wat in Mubuyu se possak was. Hy gaan eenkant toe om dit te lees. Dit is van Baas Dennis, sy neef in die Houtboschberg. Die reisagente is mal oor die idee van 'n toerboot op die Zambezi, skryf hy. Hulle beplan wêreldwye bemarking. *Wanneer kom jy dan weer 'n skoot kuier?* sluit neef Baas die brief af.

Baas loop teen die rant uit en gaan sit op 'n klip.

"Ons moenie dat Nanna en my ouma alleen op Manaka aankom nie," sê Grace langs hom.

Hy antwoord nie.

"Ek kan saam met hulle ry as jy en meneer Johnnie eers verder wil soek na die boot. Ek moet by my ouma wees wanneer sy sien wat daar by die kerk gebeur het."

9.1 Waarom het Nanna en Griesel du Pisani na Manaka gekom? (1)

9.2 Verwys na reël 7 en 8.

9.2.1 Waarom, dink jy, sou hierdie nuus vir ouma Essie, meer as enige ander karakter, ontstel? (1)

9.2.2 Baas se boot wat wegspoel, is vir hom 'n groot verlies.

Watter moontlike lewensles kan Baas as hoofkarakter uit hierdie ontstellende gebeurtenis leer? (1)

9.2.3 Kan jy met Baas se verlies simpatiseer? Motiveer jou antwoord. (1)

9.3 "Ouma Essie kyk na Baas. Haar oë huil." (Reël 9)

9.3.1 Behalwe vir ouma Essie, watter ander karakter huil ook oor Baas? (1)

9.3.2 Verduidelik waarom ouma Essie hartseer is wanneer sy die brief aan Baas oorhandig. (1)

9.4 "Ek moet by my ouma wees wanneer sy sien wat daar by die kerk gebeur het." (Reël 19)

9.4.1 Wie is verantwoordelik vir die brandstigting op Manaka? (1)

9.4.2 Uit watter gebeurtenis kan ons aflei dat hierdie karakter aan sy einde gekom het? (1)

9.4.3 Ouma Essie en die brandstigter beeld onderskeidelik die stryd tussen goed en kwaad uit.

Verduidelik hierdie stelling met toepaslike bewyse. (2)

**EN**

**TEKS D**

Waar hy Briekwa begrawe het, gaan sit hy op die skuins stam van die kameeldoring. Die klanke van Nanna se kitaar dryf na hom toe aan. Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê.

Is dit dalk ook hoe die familiekwaal werk waarvan Whitey gepraat het? En hoe 'n kampvuur in die nag werk, bo, langs die Zambezi op die Angolagrens waar Manuel met 'n bekertjie droë boontjies sit en wag vir Iemand om sy siek kind gesond te maak?

Baas was en gaan terug om vuur te maak.

Hulle eet toebroodjies en drink die wyn wat Nanna saamgebring het. Sy gaan rondawel toe. Hy bly by die vuur. Later gaan lê hy op sy slaapsak by die vleisboom. Die honde krul hulle op. Hy slaap nie.

Laatnag kom Nanna na hom toe. In die maanlig sien hy sy het 'n kartondoos onder haar arm.

"Ek het vir jou 'n geskenk gebring." Sy hou die present met al twee hande na hom toe uit.

Baas sit regop en maak dit oop. Dit is 'n vleismeul met 'n worsstopper daarby.

"Gee jy om dat ek by jou kom lê?" vra sy. "Net 'n rukkie."

"Dankie vir die geskenk," sê Baas. Hy laat haar teen sy bors huil. Haar hand is in sy baard.

"Vroeër het dit vir my gevoel of jy my broer kon gewees het. Maar ek het na jou verlang verlede nag daar in Ngweze. Dit was nie soos verlang na 'n broer nie."

9.5 Verwys na reël 1 en 2.

9.5.1 Wat het Briekwa se dood veroorsaak? (1)

9.5.2 Dink jy dat die honde ook as "karakters" in hierdie verhaal beskou kan word? Motiveer jou antwoord. (1)

9.6 In reël 2 en 3 herhaal Baas ouma Essie se woorde van vroeër.

Hoe sluit hierdie woorde by die tema van godsdienstigheid aan? (1)

9.7 "Nanna se kitaar dryf na hom toe aan." (Reël 2)

9.7.1 Watter stemming skep die verwysing na die kitaarklanke? (1)

9.7.2 Hoe sluit die keuses van liedjies by die twyfel wat Baas in sy godsdiens ervaar, aan? (1)

9.7.3 Aanvanklik is dit slegs Nanna wat die liedjies sing. Watter ander karakter sou later hierdie rol by Nanna oorneem? (1)

9.7.4 Watter herinneringe word telkens met die sing van liedjies deur die verloop van die verhaal, opgeroep? (1)

9.8 Ouma Essie het geglo dat Baas na Manaka gestuur is om die mense te help.

Noem enige TWEE geleenthede waartydens Baas hulpvaardig optree. (2)

9.9 Verduidelik die verband tussen Baas se hulpvaardigheid en Whitey se woorde in reël 4. (1)

9.10 "Gee jy om dat ek by jou kom lê?" (Reël 16)

9.10.1 Waarom kan Nanna se optrede hier as ironies beskou word? (1)

9.10.2 Dink jy mense kan Nanna daarvan beskuldig dat sy nie eg in haar godsdiens is nie op grond van hierdie toenadering in reël 17? Motiveer jou antwoord. (1)

9.11 Nanna en Griesel leef hulle "roeping" op Manaka verskillend uit. Noem TWEE verskille. (2)

9.12 Lees weer reël 14 in TEKS C en reëls 1 tot 4 in TEKS D.

Baas se gemoed verskil in TEKS D van dié in TEKS C.

Stem jy saam met hierdie stelling? Verduidelik jou antwoord. (1)
**[25]**

**_VATMAAR_ – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: _VATMAAR_ – OPSTELVRAAG**

Sowel Oom Chai as Tant Wonnie laat hulle nie deur spanningsvolle gebeurtenisse onderkry nie.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 11: _VATMAAR_ – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

Suzan kon nie glo wat sy sien nie. Dit het gelyk of sy haar suster aan iemand anders afgegee het. Sy kon die twee se gejaagde asems hoor soos hulle na lug soek om die vlam van hulle liefde te voed. So saam het die twee die atmosfeer in die vervalle stoorkamer heeltemal verander.

Suzan het weggekyk toe die jong man vir Kaaitjie soen en gewonder wat haar ma sal sê.

Uiteindelik het hy oor Kaaitjie se skouer gekyk en gesê: Dié is seker Suzan.

Hulle het hulle arms laat sak en hy het haar sy hand gegee. Vat jou Ouboet se hand, Suzan. Ek is mos die oudste, nè, Kaaitjie?

Ja, my liefling, het sy gesê en haar hand voor haar mond gesit asof sy die woorde wou terugdruk.

Ek het vir ons 'n bottel gemmerbier en 'n vetkoek gebring. En 'n glas ook, want 'n mens drink nie gemmerbier uit 'n beker nie.

Hy het die bottel oopgemaak en daarvan in die glas gegooi. Hy het dit vir Suzan gegee en gesê: Gaste eerste, my skoonsuster.

Toe gaan hy tussen die twee meisies sit en sê: Woe, maar ek is moeg. Hoe voel julle twee?

Hulle het altwee 'n kort laggie gegee.

Nou sê vir my wat laat jou hier uitslaan, Suzan?

Toe vertel Kaaitjie die storie oor wat haar suster haar vertel het, sonder om woorde weg te vat of by te sit.

Ek kan dit nie glo nie, ek kan dit nie glo nie, het hy aanmekaar gesê.

11.1 Wat is die jong man in TEKS E se beroep? (1)

11.2 Verwys na reëls 1 tot 4.

Dink jy Suzan se reaksie oor die gebeure wat voor haar afgespeel het, is geregverdig? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

11.3 Is dit funksioneel dat daar in reël 5 slegs na "die jong man" verwys word? Motiveer jou antwoord met EEN rede. (1)

11.4 Wat kan ons aflei uit die feit dat die jong man Suzan se naam ken, al het hy haar nog nie ontmoet nie? (1)

11.5 Suzan het uitstaande eienskappe gehad wat sy tot voordeel van haar eie asook haar ma se lewensomstandighede kon gebruik.

Noem DRIE eienskappe van Suzan wat hierdie stelling motiveer. (3)

11.6 Sou 'n mens uit reël 10 en 11 kon aflei dat Kaaitjie haar skaam vir die jong man wat by haar is EN watter ooreenstemmende karaktereienskap vind ons by die drie jong mense? (2)

11.7 Verwys na reëls 12 tot 17.

11.7.1 Die jong man skink die gemmerbier in 'n glas. Wat word hiermee geïmpliseer? (1)

11.7.2 Op watter manier is die jong man se handeling in reël 16 'n vooruitwysing na die afloop van die roman? Motiveer jou antwoord. (1)

11.8 Wat is die storie wat Suzan aan Kaaitjie vertel het EN wat, dink jy, was vir Suzan die ontstellendste deel van die storie? Waarom reageer die jong man in reël 22 deur die woorde "Ek kan dit nie glo nie, ek kan dit nie glo nie," te herhaal? (3)

**EN**

**TEKS F**

Ja, Mineer, my Ma-Ma sê ons moet dankbaar wees vir die bietjie want as die baie eendag kom, sal ons weet om dit te waardeer.

Ek wil graag vir jou kom kuier. Ek belowe jou, Kaaitjie, ek sal my gedra.

Ek moet eers my miesies vra, het sy gesê. Maar by haarself het sy gedink dit sal wel goed wees want sy het die miesies eenkeer hoor sê: Ek hoop sy kry gou 'n vryer sodat hy (sy het haar man bedoel) sy oë van haar kan afhou. Sy wat Kaaitjie is het nie daaroor gelag nie en met trane wat in haar oë gebrand het gewonder: Wat dink hulle dan van my?

Ek sal myself ook gedra, Mineer, het sy geantwoord.

Dit was toe dat Mevrou Bosman by die kombuisdeur uitgekom en geskree het: Bring die kinders en kom was hulle!

Vra haar sommer nou! het Kenneth gesê.

Dit was vir hom soos 'n ewigheid voor sy by die agterdeur uitgekom, haar hande in die lug gegooi en geroep het: Ja! Toe is sy weer binnetoe.

Na nog 'n ewigheid het sy weer uitgekom. Hy het vir homself gesê tot haar manier van loop en die swaai van haar lyf is so natuurlik soos dié van 'n jong leeuwyfie.

Hulle het staan en praat, sy met haar een hand op sy bicycle se stuur terwyl sy lag en hom reguit in die oë kyk. Sy het hom nog altyd Mineer genoem en na sy skoene en klere gekyk en gepraat van Mineer se bicycle.

11.9 Wat is die "bietjie" waarna Kaaitjie in reël 1 verwys EN dink jy sy sal ooit die kans hê om meer te kry? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (3)

11.10 Kenneth en Kaaitjie het uiteenlopende ervarings ten opsigte van hul grootwordjare en beroepe.

Gee TWEE verskille in hul ervaring van hul grootwordjare en TWEE verskille in ervaring van hul beroepe onderskeidelik. (4)

11.11 Verwys na reël 12 en 13 van TEKS E en reël 3 van TEKS F.

Watter DRIE morele waardes word deur Kenneth in hierdie reëls van die twee tekste oorgedra? (3)

**[25]**

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Iris het onrealistiese verwagtings van die Engel.

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe dié onrealistiese verwagtings tot spanning in Iris se lewe lei. **[25]**

**VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

"Ug," het Kara gesê. "Ek beter solank begin uitkyk vir 'n surrogaatma. Niemand gaan dit ooit aan my doen nie!"

Ma het haar hand gelig. "Dit klink erger as wat dit is, darling. Ek is drie keer daar deur en het dit oorleef."

"Ma was seker nie so gesteld op persoonlike waardigheid soos ek nie," het Kara gesê. Die hoek van haar mond het stywe, afkeurende plooitjies gemaak.

"Laat ek verder vertel," het Elsa hulle vermaan. Sy het regop gesit teen hooggestapelde kussings en haar rooi hare was blinker as ooit vantevore. Ek het gewonder of dit met hormone te doen het en of sy bloot oordryf het toe sy die geboorte self beskryf het. In bioskoopprente het die vrou altyd rondgekrul op die bed en haar hare was 'n gemors; natgeswete stringe teen haar kopvel. Tensy 'n middernagtelike haarkapper Elsa se kop gewas en gekam het, lieg iemand. Maar ek het nietemin 'n aantekening gemaak van die glansende prag van haar hare sodat ek dit op Greta kon toepas wanneer die regte oomblik aanbreek.

"Dis grusaam," het Kara gesê toe die vertelling eindelik verby was. "Ek verbaas my dat jy jouself sover kon bring om daaroor te praat."

"Dit was die moeite werd," het Elsa gesê en afgekyk na die bondeltjie wat langs haar in 'n bedjie op wiele gelê het. Hy was aan die slaap, maar vir my het hy kwaad gelyk, asof hy sy tante Kara se opmerking onderskryf.

"Besef jy ons is nou tantes?" het ek vir Kara gevra.

13.1 Kara het opgesien teen haar swangerskap.

13.1.1 Watter loopbaan, wat aansluit by haar standpunt in reël 1 en 2, het Kara aanvanklik in gedagte? (1)

13.1.2 Het Kara hierdie standpunt deur die loop van die roman gehandhaaf? Verduidelik jou antwoord. (1)

13.2 In watter opsig word die Kara-karakter in die roman benut om die ironie in die heersende politieke situasie van die roman uit te lig? (1)

13.3 "Laat ek verder vertel," het Elsa hulle vermaan. (Reël 7)

13.3.1 Watter karaktertrek van Elsa kom hier na vore? (1)

13.3.2 Watter effek het hierdie karaktertrek op Iris? Watter feit oor Iris se eie geboorte het dieselfde uitwerking op Iris? (2)

13.4 Verwys na reëls 10 tot 14.

13.4.1 Watter tipe verteller tree hier op EN watter voordeel hou dié tipe verteller in hierdie reëls in? (2)

13.4.2 In die roman word stereotipes afgebreek. Verduidelik hoe reëls 10 tot 12 hierdie stelling ondersteun. Gee EEN ander voorbeeld waar Elsa teen alle verwagting in optree. (2)

13.5 Waar pas Greta by die intrige in? Dink jy dat Greta se verhaal 'n invloed op Iris se lewe gehad het? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS H**

Omdat Pa weg is met die gereedskap moes ons nuwes aanskaf en aan die begin het dit baie gebeur dat ons 'n loodgieter of elektrisiën moes laat kom om ons hopelose brousels te kom beredder. Maar mettertyd het ons geleer. Het ek geleer. Ma het nooit verder gevorder as 'n belangstellende en onderskragende bystander nie. Sy het vir my skroewe vasgehou, drade uit Polder se bek getrek en kommentaar gelewer oor die mooi kleure wat die koperdraad bedek. Sy het veral gehou van die groen en geel gestreepte een.

"Het Ma die Engel self gesien?" het ek aangedring.

"Nee, maar ek het geweet hy is by ons."

"Dan was julle seker baie gelukkig gewees? Hy moet 'n vreedsame aura versprei het."

"Wat het van Peter geword?" het sy skielik gevra en die buis silikoongom na my uitgehou sodat ek die lekkende rubberpyp kan smeer.

Ek wou nie oor Peter praat nie. "Vertel my meer van die Engel."

Maar sy het 'n ander rigting ingeslaan. "Dis deesdae net Frederik voor en Frederik agter. Ek het van Peter gehou."

"Hy's nog in Amerika."

"Is hy nie al afgestudeer nie?"

"Ek weet nie." Ek het nog van tyd tot tyd poskaarte van Peter gekry, maar die soort goed wat hy daarop geskryf het, was nie vertelbaar nie, om die waarheid te sê, ek het my verwonder dat die poswese die kaarte deurgelaat het. Miskien was hy te kripties en het net ek verstaan wat hy eintlik wou sê. In die laaste twee het hy weer begin aandring dat ek moet kom kuier.

"Waarom gaan kuier jy nie vir hom nie?"

13.6 Waar is Iris se pa heen? (Reël 1) (1)

13.7 Iris is hier besig om 'n wasmasjien vir haar ma te herstel.

By watter betekenis van haar naam sluit hierdie handeling aan? (1)

13.8 Verwys na reëls 8 tot 11.

13.8.1 Watter invloed het die ouma se vertelling oor die Engel aanvanklik op Iris? (1)

13.8.2 As die Engel se betrokkenheid in Iris se lewe in gedagte gehou word, is dit gepas as Iris hier sê dat die Engel " 'n vreedsame aura versprei het"? Motiveer jou antwoord. (1)

13.9 In reël 15 kom Frederik ter sprake.

13.9.1 Waarom kan die ma se opmerking oor Frederik hier as ironies beskou word? (1)

13.9.2 Frederik speel 'n rol in Iris se uiteindelike besluit om Amerika toe te gaan. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord. (1)

13.10 Noem TWEE gebeurtenisse in Amerika wat Iris laat dink dat sy haar blomtyd kan beleef. Sou jy sê dat Iris se besoek aan Amerika 'n antiklimaks was? Motiveer jou standpunt. (3)

13.11 Iris het haar ma se vraag in reël 24 later as "een van haar heldersiende oomblikke" beskryf.

By watter organisasie, wat skakel met hierdie opmerking, het Iris se ma later aangesluit? Wat was Peter se reaksie hierop? (2)

13.12 Herlees reëls 12 tot 14 van TEKS G en reëls 1 tot 3 van TEKS H.

Noem TWEE teenstrydige karaktereienskappe van Iris, soos onderskeidelik blyk uit hierdie twee gedeeltes. (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die tema van bevryding op Map van toepassing is. **[25]**

**VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

MAP: Hy gee vir jou sy genade!
*Stilte.*
MAP: Maar dis wáár, Ma! Ma!
*Sy knik.*
MAP: Ek en die Apostel, ons bid saam hierso binnekant, hý het die Here vir my gebring … Het Ma al vir Blanchie gesê van my, lat ek vir Ma gesê het ek het die Here gekry, hierso … Ma moet tog vir haar sê. En sê oek vir haar dis nou amper tyd lat ek ytkom, dis definitely die sewende van annermaand. En vra vir haar, kan sy nie weer kom visit nie, sê vir haar sy moenie bang wies nie, ek is 'n anner man, ôldou ek is of course oek nog Map Jacobs … sê vir haar, Ma …
*Stilte*
Sal Ma vir haar sê?
*Sy knik "ja", maar is die ene ontsteltenis.*
MAP: Promise …
*Sy knik.*
MAP: Ek het nooit gewiet dit kan só wies nie. Die Here Jesus, Hy maak vir jou werklik vry! Apostel George, hy't vir my gewys, die lig! Ma moet vir my glo, lat ek 'n kind van die Here Jesus geword het hierso … Ek wiet hulle sê ons ammal praat maar so ná so 'n lang tyd hierso binnekant, maar 'is nie waar nie, Ma, 'is nie waar nie!
*Geluide.*
MAP: 'Is in die kombuis, die skottelgoed. Dis net om die hoek, in die gang af …
*Stilte.*
MAP: Ek sweer alles sal nou regkom, Ma … Hulle moet my net 'n kans gee daar buitekant …

15.1 Vir wie vra Map net voor dié toneel om verskoning? (1)

15.2 Verwys na reël 5.

Vir watter TWEE uitkomste bid Map vir sy toekoms? (2)

15.3 Verwys na reël 8 en 9.

15.3.1 Na watter maand verwys "annermaand"? (1)

15.3.2 Hoe skakel jou antwoord op VRAAG 15.3.1 met die titel van die drama? Noem TWEE verbande. (2)

15.4 Dink jy dit is geregverdig dat Map nie die volle duur van sy vonnis uitgedien het nie? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

15.5 Waarom is die neweteks in reël 14 effektief? Gee TWEE redes. (2)

15.6 Verwys na reël 25 en 26.

Hoekom is hierdie woorde van Map ironies? Noem DRIE werklikhede wat die ironie bewys. (4)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| MIRIAM: | Good Afternoon … *('n "Sing-song"-manier van praat.)* Afternoon, mister Paulsen … afternoon, mister Delcarme … afternoon, mister Louw … afternoon, mister Arries … afternoon, mister La Vita … afternoon, mister Oliphant … afternoon … O, is 'it ammal? *(Sy lag plesierig.)* Ek kom om julle measurements te niem, vir julle choir suits, vir Krismis … |
| ALMAL: | *(groet):* Haai, Miriam! … Miriam … |
| BÊREND: | Ons is 'n bánd, hoor, Miriam, nie 'n choir nie! 'Cause ons almal sing vals! *(Lag.)* |
| MIRIAM: | O … |
| FREDDY: | Miriam, my meisie, ek hoor jy sê O-li-fant … *(Knik Bêrend se kant toe.)* Maar dis g'n plain O-li-fant nie, jong, dis Oliphant, op Ingils like … |
| BÊREND: | Lyster jy nie na hom nie, Miriam! |
| | *Miriam lag skaam.* |
| FREDDY: | Speel maar, Bêrend … Gie weer die noot! |
| MIRIAM: | Oompie Paulsen, Boeta Issie het gesê ek moet die band se measurements kom vat, vir julle suits … |
| OOMPIE PAULSEN: | 'Is so … Jy kan maar aangaan, Miriam … 'is al weer dié tyd vannie jaar, ja, en hulle ken nog nie eers al die march'e nie! Laat staan nog al die note! |
| DANNY: | Die march'e! Hel, Oompie Paulsen, ons is mos nie in die army nie! |

| | |
|---|---|
| BOYTJIE: | Oompie klink kompleet of ons freedom fighters is, ek mien terrorists! Die march'e! *(Lag.)* |
| OOMPIE PAULSEN: | Nei, maar, Miriampie, is reg, vir die measurements ... |
| MIRIAM: | Somaar hierso bytekant? |
| OOMPIE PAULSEN: | 'Is so ... Lyster ammal, Miriam het gekom, Miriam van Boeta Issie, om onse measurements te niem, vir onse klere ... |
| MIRIAM: | Ek sil nie te lank wees nie ... |

15.7 Wat is die naam van die Krismisorkes? (1)

15.8 Herlees reëls 5 tot 10.

Lewer kommentaar oor die gebruik van die verskeie beletseltekens. (2)

15.9 Verwys na reël 5 en reël 19.

Van watter belang is Oompie Paulsen se antwoord op Miriam se vraag vir die verloop van die drama? (1)

15.10 Herlees reëls 17 tot 21.

Watter rol vertolk Oompie Paulsen in die Krismisorkes EN watter TWEE karaktereienskappe kan uit sy optrede afgelei word? (3)

15.11 Watter sosiaal-politieke agtergrond word deur "freedom fighters" (reël 24) opgeroep? Watter karakter probeer die townshipmense oortuig om polities betrokke te raak? (2)

15.12 Verwys na reël 7 en 8 van TEKS I en reël 17 en 18 van TEKS J.

Noem die TWEE verskillende stemmings in die onderskeie tekste. (2)
**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG**

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die tema van bevryding op Miem en Gertie onderskeidelik van toepassing is ná die koms van Konstabel. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| | *Die KONSTABEL glimlag en haal sy skouers op.* |
| GERTIE: | Dan vry u maar so in die bondel? |
| KONSTABEL: | Ja, Juffrou. 'n Mens sou seker so kan sê. |
| | *Stilte*. |
| GERTIE: | Dit lyk my u is maar versigtig. En dis goed so. |
| KONSTABEL: | U weet mos wat hulle sê van trou? |
| GERTIE: | *(koketterige laggie)* U bedoel van trou en perdekoop? |
| KONSTABEL: | Juis. |
| MIEM: | *(in die gang)* So ja, dit voel sommer beter. |
| | *GERTIE giggel*. |
| MIEM: | *(in die deur)* Gertie, en wat is so snaaks? |
| GERTIE: | *(skaam)* Aag, dis sommer niks. |
| | *MEISIE gaan na die venster en loer uit.* |
| KONSTABEL: | Ons het gepraat oor hartsake. *(Galant)* Ek en die juffrou het gevind ons is albei ewe versigtig ... en kieskeurig. |
| MIEM: | Werklik? U bedoel ... u is ook nie getroud nie? |
| KONSTABEL: | Nee, ek is nie. |
| MIEM: | *(nadenkend)* Werklik? *(Sien vir MEISIE by die venster)* Kom weg daar by die venster! *(Vriendelik)* Het u al iets te ete gehad, Konstabel? |
| KONSTABEL: | Ja, dankie, Mevrou. Ek het. |
| MIEM: | Dit is werklik jammer. Meisie kook die heerlikste kos, weet u? Sy maak die beste bredie in die distrik en bak die ligste koeke. Om nie eers te praat van lamsboud en terte nie. As u later honger word, sal sy tog te gretig wees om vir u iets te maak. Niks is vir haar te veel moeite nie, dit is mos so, nè, Meisie? |
| MEISIE: | *(onwillig)* Ja, Ma. |
| KONSTABEL: | Voel u darem beter, Mevrou? |
| MIEM: | Ja, dankie. My borstrok was net 'n bietjie styf. Ek moet mooi kyk na my sirkulasie. Dis nie aldag alte goed nie. Dis dié dat Meisie so baie moet doen. |

17.1 Waarom is Gertie en die Konstabel alleen in die kombuis? (1)

17.2 Verduidelik hoe die neweteks (reël 1) aansluit by Konstabel se manipulerende aard. (1)

17.3 Verwys na reël 7.

Wat, dink jy, wil Gertie bereik deur te verwys na trou en perdekoop? Het Gertie se koketterige laggie uiteindelik in haar guns getel of nie? Motiveer jou antwoord. (2)

17.4 Miem se nuuskierigheid blyk uit reël 11.

Noem nog DRIE ander geleenthede in die drama waartydens hierdie karaktertrek van Miem na vore kom. (3)

17.5 Watter handeling in die teks ondersteun Meisie se ontevredenheid met haar milieu? (1)

17.6 Wat wil Miem bereik deur Meisie in reëls 21 tot 25 op te hemel EN watter persoonlike voordeel hoop sy om hieruit te trek? Haal 'n reël vroeër uit die gesprek aan waar hierdie plan van Miem begin vorm aanneem. (3)

17.7 Hoe sluit Miem se woorde in reël 24 tot 25 by haar karakter aan EN dink jy Miem het die reg om Meisie so te behandel? Motiveer jou antwoord. (2)

17.8 By watter tema van die drama sluit Meisie se onwilligheid in reël 26 aan? (1)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | Dit is juffrou Gertie. |
| MIEM: | *(snork)* Dit is seker weer die vars lug en die oefening. Dit is regtig onverstandig van haar. Op so 'n aand. Ek is darem seker Wagter sal 'n ogie oor haar hou. Ek het net die kombers gebring. As u so 'n bietjie wil skuins lê op die bank. Nou ja, goeienag, Konstabel. En weer eens dankie. |
| KONSTABEL: | Goeienag, Mevrou. |
| | *MIEM huil skielik en sak op 'n stoel by die tafel neer.* |
| KONSTABEL: | Wat makeer, Mevrou? |
| MIEM: | Dit is so lank laas ... lank laas ... dat 'n man vir my goeienag gesê het. *(Huil)* As ek hom net kon sien! Net een keer. Voor die dood ons skei. *(Kyk boontoe, sug sidderend)* Sewe jaar! Ek kan dit skaars glo. So gaan die tyd verby. *(Vee haar oë af)* Sien, dit is sy trots. Die familieplaas vir soveel geslagte. En toe kom die Depressie en hy verloor sy grond en elke vark, skaap en bees. Alles. Ons het net genoeg gehad om hierdie lappie grond te koop. Hierdie pondokkie. 'n Paar dae na ons ingetrek het, was hy skielik skoonveld. Ons het hoog en laag gesoek, maar eers dié aand wis ons *(kyk op, huilstem)* dat hy daar bó is. Hy het die solderdeur agter hom toegesluit en al het ons gesoebat en gesmeek ... hy het nog nooit weer sy verskyning gemaak nie. *(Sug diep en laat haar gesig in haar hande sak. Na 'n stilte lig sy haar kop en kyk na die KONSTABEL)* |

17.9 Waarom is dit gepas dat Miem na vars lug en oefening in reël 2 verwys wanneer sy van Gertie praat EN op watter ingesteldheid teenoor Gertie dui die neweteks? (2)

17.10 Verwys na reël 2 en 3.

17.10.1 "Dit is seker weer die vars lug en die oefening."

Waarom is hierdie woorde van Miem 'n voorbeeld van dramatiese ironie? (1)

17.10.2 Gertie vlug na buite nét voor Miem by die kombuis instap.

Waarom beskou Miem hierdie optrede as "onverstandig"? (1)

17.11 Verwys na reëls 10 tot 22.

17.11.1 Dink jy 'n mens kan Miem bewonder vir haar lojaliteit teenoor Gabriël? Motiveer jou antwoord. (1)

17.11.2 Watter rol vervul Konstabel hier? (1)

17.12 Verwys na reëls 13 tot 18.

17.12.1 Hoe word die leser se aanvanklike siening oor Miem in hierdie gedeelte enersyds versterk EN andersyds verander? (2)

17.12.2 Verduidelik hoe Gabriël vanuit die solder beheer uitoefen. (1)

17.13 Verwys na reëls 1 tot 7 in TEKS K en reëls 10 tot 12 in TEKS L. Op watter manier sluit die twee vroue se woorde onderskeidelik by die titel van die drama aan? Motiveer jou antwoord. (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## MEI/JUNIE 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 54 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou* 

## RIGLYNE VIR NASIENERS

1. Indien 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. Indien 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. Indien 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Indien 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. Indien 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. Indien antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. Indien 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. Indien die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   Indien die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy hom-/haarself gepenaliseer het. Indien die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   Indien 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

12. Vir hierdie eksamen geld die volgende eksamenriglyne vir die opstelvraag:
   - Lees die opstelvraag die <u>eerste maal</u> en toon die reeks treffende argumente met die ooreenstemmende kode aan.
   - 'n Reeks treffende argumente is stellings wat met:
     - relevante verduideliking gemotiveer word./
     - korrekte, gepaste aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word./
     - geparafraseerde aanhalings uit die roman/drama/gedig gemotiveer word.
   - 'n Treffende argument is **nie** noodwendig in die formaat **punt, verduideliking én illustrasie nie**.
   - Lees die opstelvraag 'n <u>tweede maal</u> om die struktuur en taal te assesseer. Taalfoute word met onderstreping aangedui.

   Die aantal kodes in die opstelvraag word **nie** getel om 'n bepaalde punt by inhoud toe te ken <u>**nie**</u>**.**

## AFDELING A: GEDIGTE

**T – TITEL**
**B – BEELDSPRAAK**
**S – STYLFIGURE**

**VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL**
**"Maaltyd" – PJ Philander**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie, maar dis belangrik dat die kandidaat minstens die titel, een beeldspraak en een stylfguur aandui.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

| ARGUMENT | MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **TITEL:** | | |
| **Die titel is gepas, want die maaltyd is die geleentheid wat die spreker die meeste aan die oorlede moeder herinner.** | Die maaltyd raak 'n herinneringsvlug waartydens die spreker elke faset van die maaltyd aan 'n herinnering van sy/haar moeder koppel. | Versreël 3 en 4: ... *'n koperklokkie / vir smôrens, smiddags en vir nou.*<br>Versreël 6: *die helder bril, die Bybel oop,*<br>*Versreël 11: skyn sy nou in seëngebed,*<br>Versreël 15 en 16: *… met elke lui dan skilfer / af … die grasgroenspaan.* |
| **Die titel staan sentraal in elke strofe van die gedig.** | In strofe 1 word die maaltyd deur middel van die koperklokkie, wat soos ŉ ou moedertjie lyk, aangekondig. | Versreëls 1 tot 4: *Ou moeder met haar hoepelrokkie / en stywe kappie, staan hande gevou / in die vorm van ŉ koperklokkie / vir smôrens, smiddags en vir nou.* |
| | Strofe 2 dui die spreker se herinnering aan hoe presies en formeel die tafel altyd gedek was, aan. Hy/Sy onthou die oop Bybel en die seëngebed aan tafel. Hy/Sy onthou sy ma as godsdienstig, iemand wat die maaltyd as 'n heilige moment beskou het. | Versreël 5: *Die blou bord en die skoon servet,*<br>Versreël 6: *... die Bybel oop,* |
| | In die derde strofe ontlok die bediening van die maaltyd 'n emosionele reaksie by die spreker. Die blink buffet getuig van die ma se netheid, asook die deftigheid van die geleentheid. Dit is asof die herinnering amper lewendig word. | Versreël 9: *... gladde, blink buffet,*<br>Versreël 9 en 10: *En op die gladde, blink buffet / glimmend in die skerp lig van die lamp,* |

| | | |
|---|---|---|
| | In die slotstrofe vind 'n vervlegting tussen die moeder en die koperklokkie plaas. Die vaagheid van die herinnering val weg en die beeld van die moeder word met elke lui van die klokkie verewig. | Versreël 15 en 16: *… met elke lui dan skilfer / af … die grasgroen-spaan.* |
| **BEELDSPRAAK:** | | |
| **Die koperklokkie word 'n metafoor van die spreker se moeder.** | Die vorm van die koperklokkie roep die herinnering aan die moeder se statige voorkoms op.<br><br>Die verwysing na die koperklokkie as "ou moeder" roep die spreker se vertederingsnaam vir sy/haar moeder op. | Versreël 2: *... staan hande gevou.*<br>Versreël 1 en 2: *… met haar hoepelrokkie / en stywe kappie, ...*<br>Versreël 3: *in die vorm van 'n koperklokkie*<br><br>Versreël 1: *Ou moeder ...* |
| **Die herinneringe wat die spreker oproep, hou hom/haar metafories aan die moeder vasgeknoop.** | Teen die een muur in die vertrek hang 'n portret van die deftige moeder wat verseker dat die spreker nie sy/haar ma vergeet nie. Die portret verseker dus metafories dat die ma steeds by die maaltyd teenwoordig is. | Versreël 7 en 8: *... haar groot portret / hou my aan haar steeds vasgeknoop.* |
| **Die verval van die klokkie herinner die spreker metafories aan die verskillende stadiums van sy/haar moeder se lewe.** | Die spreker onthou sy/haar moeder in haar goue jare, maar ook toe sy ouer geword het en oorlede is. | Versreël 13 en 14: *Sy was eers goud, heel later silwer, / nou's sy koper …* |
| **Die koperklokkie waarvan die grasgroenspaan afskilfer, word 'n metafoor vir herinneringe wat helder opgeroep word.** | Die grasgroenspaan wat afskilfer, dui op sy/haar moeder wat oorlede is, maar ook dat sy in die spreker se gemoed/herinneringe voortleef wanneer hy/sy 'n koperklokkie sien. | Versreël 15 en 16: *... dan skilfer / af ... die grasgroenspaan* |
| **Personifikasie word reeds in versreël 1 gevind in die verwysing na die koperklokkie as "Ou moeder".** | Die personifikasie verseker 'n vervlegting tussen die gestorwe moeder en die koperklokkie reeds van die begin van die gedig af, sodat die idee geskep word dat die moeder met elke lui van die klokkie onthou word. | Versreël 1: *Ou moeder ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Personifikasie in versreël 13 dui die direkte verband tussen die moeder en die klokkie aan.** | Die persoonlike voornaamwoord "Sy" personifieer die koperklokkie, asof dit die moeder is wat elke keer teenwoordig is. | Versreël 13 en 14: *Sy was eers goud, heel later silwer, / nou's sy koper …* |
| **STYLFIGURE:** | | |
| **Enumerasie/ opnoemtegniek beklemtoon dat elke faset van die maaltyd herinneringe aan die spreker se moeder oproep.** | Die suggestie dat die maaltyd steeds op die tradisionele manier bedien word, word deur die opnoem van die verskillende items bevestig. | Versreël 5 en 6: *Die blou bord en die skoon servet, / die helder bril, die Bybel oop,* |
| **Woordspeling word gebruik om die verband tussen die hede en die herinneringe aan die moeder te beklemtoon.** | Die woord "nou" kry 'n meerduidige betekenis in die sin dat dit nie bloot na die progressie in maaltye verwys nie, maar ook die onmiddellikheid van die spreker se moeder se teenwoordigheid benadruk; sy/haar moeder word 'n werklikheid in die hede.<br><br>"Wasige" dui op meer as net die stoom wat uit die kos trek deurdat dit sy/haar emosionele/ tranerige/kwynende belewing van die herinnering aandui.<br><br>Die woorde "goud", "silwer" en "koper" word benut om nie net die fases van die klokkie weer te gee nie, maar ook die ma se lewensfases in herinnering te roep. | Versreël 4: *smôrens, smiddags en vir nou.*<br><br>Versreël 12: *leef sy nou in wasige damp.*<br><br>Versreël 13 en 14: *Sy was eers goud, heel later silwer, / nou's sy koper waar sy staan,* |
| **Metonimia dui aan dat die spreker die moeder se volle menswees herroep.** | Deur die verwysing na die "helder bril" word die spreker se waardering vir sy moeder se insig en wysheid gesuggereer, wat op die diepgaande aard van sy herinneringe dui. | Versreël 6: *die helder bril, ...* |
| **Sinestesie word effektief gebruik om die herinneringe aan die moeder te versterk.** | Die seëngebed wat gespreek of gehoor word, roep 'n beeld van die moeder op.<br><br>Die "wasige damp" wat gesien/ geruik word, maak die herinnering aan die moeder weer 'n werklikheid vir die spreker. | Versreël 11: *skyn sy nou in die seëngebed,*<br><br>Versreël 12: *leef sy nou in die wasige damp.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Kontras word effektief gebruik om aan te dui dat herinneringe aan die moeder steeds voortleef.** | "Helder bril"/"blink buffet"/ "glimmend"/"skerp lig" kontrasteer met die "wasige damp" om aan te dui dat herinneringe aan die moeder in kontrasterende situasies herroep word. | Versreël 6: *die helder bril*<br>Versreël 9: *blink buffet*<br>Versreël 10: *glimmend ... skerp lig*<br>Versreël 12: *wasige damp* |
| **Progressie dra by tot die gedagte dat die herinnering aan die moeder voortleef.** | Tydprogressie in versreël 4 skep die gedagte dat die herinnering aan die moeder steeds in die hede voortleef.<br><br>Progressie in die werkwoord- gebruik skep die indruk dat die spreker se herinneringe aan die moeder sterker word. | Versreël 4: *vir smôrens, smiddags en vir nou.*<br><br>Versreël 11 en 12: *skyn sy ... leef sy ...* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG
## "Briefie aan Madiba" – Sandra O'Kelly

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | kwatryn ✓ | 1 |
| 2.2 | Dit is ongewoon om so 'n informele aanspreekvorm vir 'n hooggeplaaste/eertydse president van Suid-Afika te gebruik./Dit is 'n té informele/onvanpaste aanspreekvorm vir iemand wat die spreker nog nooit ontmoet het nie. ✓ | 1 |
| 2.3 | Dit verwys na die handearbeid wat hy as gevangene verrig het./Dit verwys na die eelte op Madiba se hande, omdat hy daagliks as gevangene klippe moes kap. ✓<br><br>*Die woorde kan ook figuurlik geïnterpreteer word.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 2.4.1 | Alliterasie/d-alliterasie ✓ | 1 |
| 2.4.2 | Ooreenkoms: Sowel die spreker as Madiba is lief vir hulle land./sy mense. ✓<br><br>**EN**<br><br>Verskil: Anders as die spreker moes Madiba 'n prys vir sy liefde betaal/iets opoffer (deur 27 jaar in die tronk te wees)./<br>Anders as Madiba wat wêreldwye aansien geniet, probeer die spreker met die gedig haar naam verewig. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die verskil vir EEN punt verwys.* | 1<br><br>1 |
| 2.5 | "Hoe 'n leier en koning sy mense kan eer." ✓ | 1 |
| 2.6 | Paarrym ✓<br><br>**EN**<br><br>Die rymsoort is geslaagd, want:<br>Die paarrym dui op/beklemtoon die twee partye (die spreker en Madiba) in die gedig./<br>Die spreker wil in wese soos Madiba word./vereenselwig hom/haar met Madiba. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie aandui dat die rymsoort NIE geslaagd is NIE.* | 1<br><br>1 |
| 2.7 | Ja<br>Die eufemisme versag die trauma/hartseer indien Madiba te sterwe sou kom. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**
**"Tsunami" – Kobus de Wet**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Die subtitel verwys na die (spesifieke) datum toe die tsunami (Japan) getref het. ✓<br><br>**EN**<br><br>Dit verleen geloofwaardigheid aan die inhoud van die gedig./Dit plaas die inhoud binne konteks van die gebeure op daardie dag. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 3.2 | Dit benadruk die vernietigende effek/gewelddadige aanslag (van die aardbewing). ✓<br><br>**EN**<br><br>"woedend"/"dodelik" ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 3.3 | "weerlose wesens" ✓<br><br>**EN**<br><br>alliterasie/w-alliterasie/<br>assonansie/e-assonansie ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 3.4 | Die beletselteken skep afwagting by die leser op die tsunami wat gaan toeslaan./<br>Die beletselteken dui die tydsverloop tussen die ontstaan van die tsunami en die aankoms aan land aan./<br>Die ellips sugggereer die gevolge van die tsunami./<br>Die ellips dui op 'n oorgang in die fokus vanaf die ontstaan van die tsunami na die gevolge./reaksie van die mense. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet die FUNKSIE van die beletselteken/ellips aanspreek.* | 1 |
| 3.5 | Ja<br>Die tipografiese wit dui die verdwyning van mense/die leegheid visueel aan./<br>Die agter-/alleenplasing/uitsteltegniek hef "verdwyn"uit. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 3.6 | In versreël 1 dui "toe" op die begin/ontstaan van die tsunami en in versreël 15 die einde/afloop van die tsunami. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide versreëls vir EEN punt verwys.* | 1 |
| 3.7 | Die afwesigheid van hoofletters sluit aan by die gedagte dat alles gelykgemaak/platgevee is./alles verdwyn het./<br>Dit sluit by die gedagte van die onstuitbaarheid van die tsunami aan.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**
**"dienaar van die nagereg" – Patrick Peterson**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | pie djy pie/<br>Die kind van 'n polisieman ✓ | 1 |
| 4.2 | Sinekdogee ✓<br><br>**EN**<br><br>Figuurlik: Langarm van die gereg/geregsdienaar ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 4.3 | Vergelyking ✓<br><br>**EN**<br><br>Die spreker bedoel dat sy pa in die winter/onder moeilike omstandighede/wanneer dit koud is, moet werk./dat dit baie koud is. ✓ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 4.4 | 'n Mens sou verwag dat die pa die opstand teen die regering van die dag sal ondersteun, maar in werklikheid hanteer hy die administrasie van die wit mag (teen wie sy mense in opstand kom)./'n Mens sou verwag dat die pa ook in opstand sal kom, maar in werklikheid beskerm hy die wit mense teen sy eie mense se opstand. ✓<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.5 | Die pa is 'n afwesige pa as gevolg van die lang ure wat hy werk./<br>Die kind raak gefrustreerd met sy pa wat die onderdrukking in stand hou./wat in gevaarlike tye moet werk om wit mense te beskerm./<br>Die pa se frustrasie met die stelsel word op die kind oorgedra.✓ | 1 |
| 4.6 | Dit is effektief/geslaagd, want dit dui (visueel) aan hoe lank die spreker vir sy pa/die één dag wag. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie aandui dat dit nie effektief/geslaagd is nie.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.7 | Die herhaling van "wag vir" versterk/beklemtoon die afwagting/dui op die spreker se ongeduld dat sy pa met die soetgoed huis toe moet kom./die regering van die dag moet verander. ✓<br><br>**EN**<br><br>Die "één dag" dui op die spesifieke dag van versoening./bevryding./die dag wat die politieke bestel in die land gaan verander. ✓ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**
**"Middestedeling" – Adriaan Coetser**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Die herhaling van die s-klank/s-alliterasie/alliterasie/<br>Herhaling van die a-klank/a-assonansie/assonansie/<br>Halfrym/Personifikasie ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.2 | "nawinterson" ✓ | 1 |
| 5.3 | Ja<br>Teenoor die stadige tempo van die eerste twee versreëls, versnel die tempo in versreël 3 en 4./<br>Die woord "stadig" kontrasteer met "snel"./Die rustigheid van die woord "baai" kontrasteer met die alarm wat "skel"./<br>Teenoor die gebrek aan aksie in versreël 1 en 2, is daar volop aksie in versreël 3 en 4. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat noem beide kante van die kontras vir EEN punt.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 5.4 | Op letterlike vlak vee die werkers van die nagklubs die oorblyfsels van die vorige aand op die sypaadjie uit (sodat die nagklubs binne letterlik leeg is). ✓<br><br>**EN**<br><br>Die figuurlike betekenis dui op die mens wat fokus op liggaamlike genot, maar die gees verarm./mense wat nagklubs toe gaan/fuif sonder om aandag te gee aan die geestelike/morele waardes. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na die letterlike EN die figuurlike betekenis vir EEN punt elk verwys.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.5 | (Die gebruik van "liters" is vernuftig/gepas, want:)<br>Dit toon dat die vuilgoed oorwegend drankbottels/blikkies/vloeistofhouers is./<br>Die gebruik van "liters" laat die park na 'n houer klink wat met vullis gevul is om die oormaat vuilgoed te beklemtoon./<br>Die ongewone gebruik van "liters" plaas die fokus op hoe erg die omgewings-besoedeling is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.6 | Personifikasie ✓<br><br>**EN**<br><br>Die spreker dra sy moegheid op die verkeersligte oor./<br>Die verkeersligte is al lank daar en lyk afgeleef./<br>Die verkeersligte skakel met die stad wat vuil en afgeleef lyk na die bedrywige Saterdag./<br>Die verkeersligte word deur mense verontagsaam en hulle funksie word nutteloos. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 5.7 | Die verwysing na die smal en breë weg beklemtoon dat die mens/middestedeling 'n keuse moet uitoefen tussen 'n oppervlakkige/hedonistiese lewenstyl (Breëweg) en een waarin sy/haar gees gevoed word (Smalweg). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.8 | Kerke is dood: Mense gaan nie meer kerk toe nie./Die kerk is nie meer relevant nie./<br>Kerke is stil: Die kerk spreek hom nie meer uit teen onreg/hedonistiese leefstyle nie./<br>Die kerk het nie meer 'n stem in die samelewing nie. ✓ | 1 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

**P – GREG SE PA**
**E – ECKARDT**

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys**.

[HAT-verklaring van spanning: Onrustige afwagting; aanhoudende gevoel van bekommernis; 'n gevoel wat bestaan wanneer mense mekaar nie vertrou nie en mekaar enige oomblik kan aanval; toestand/verhouding wat tot 'n breuk kan lei; dreigende vyandskap.]

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **PA:** | | |
| **Greg se pa veroorsaak spanning by Greg wanneer hy tydens hulle woordewisseling impliseer dat Greg nie ambisie het nie.** | Die aand voordat Greg skool toe gaan, is hy en sy pa in 'n woordewisseling betrokke. Dit veroorsaak spanning, want Greg weet dat sy pa se lewe om Turret Media draai,/verwag dat Greg soos sy werknemers/direkteure moet optree, maar Greg voel nie so nie. | Bl. 48: "*Jy moes al lankal. Ek het beter verwag van jou," … "Ruggraat! Kry een! Nie soos …"* |
| | Greg ervaar spanning wanneer hy twyfel of hy sy pa kan/wil tevrede stel. | Bl. 107: *Wat moet ek doen om hom gelukkig te maak? Wíl ek hom nog gelukkig maak?* |
| **Greg ervaar spanning omdat sy pa verwag dat hy sy broer, John, se plek moet inneem, want hy voel dat hy nie goed genoeg is nie.** | Sy pa impliseer dat sy broer nie ruggraat gehad het nie, omdat hy sy eie lewe geneem het. Greg moet nou nie net sy plek inneem nie, maar 'n beter weergawe van John/iemand met ruggraat wees. | Bl. 48: *"Ruggraat! Kry een! Nie soos …"*<br>Bl.174: *"Maar dis nie omdat ék wil nie, dis omdat my pa wil. Toe John dood is, was dit asof ek kon sien hoe my pa se oë na my toe draai en sê: 'En nou's dit jou beurt, boetie!"*<br>Bl. 106: *"Ek is teleurgesteld in jou, Greg."*<br>*"Dan is ek ten minste nie die eerste kind wat jou teleurstel nie, Pa!"* |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg wonder in 'n stadium of hy so sleg is soos wat sy pa sê. Hy wonder ook of John so magteloos teen sy pa gevoel het. Greg se pa se ongevoelige opmerking oor John skep spanning by Greg. | Bl. 107: *Is dit hoe John gevoel het? So magteloos, in 'n hoek vasgekeer? Dalk is my pa reg. Dalk is ek so sleg soos hy sê.*<br>Bl. 48: *Die atmosfeer in die sitkamer was skielik gelaai.* |
| **Greg se pa veroorsaak spanning by Greg wanneer hy hom dwing om die skoolhoof teen sy sin om verskoning te gaan vra.** | Greg het geweet dat hy in die moeilikheid by sy pa sou wees omdat hy in opstand teen Dok Pienaar gekom het. Wanneer sy pa hom bel, dwing hy Greg om vir Dok Pienaar om verskoning te gaan vra sonder om Greg se gevoelens in ag te neem. Greg het geweet hy sal dit moet doen. | Bl. 105: *Net soos 'n bom wat ontplof. Bloed en skerwe oral.*<br>Bl. 106: *"Môreoggend, Greg … die eerste ding wat jy doen as jy jou voete uit die bed tel, gaan jy na Dok Pienaar toe en jy vra om verskoning vir jou skandelike gedrag."* |
| **Greg se pa veroorsaak spanning by Greg wanneer hy net die hoogste akademiese prestasies van hom verwag.** | Greg se pa is nie tevrede met gemiddelde punte nie./herinner hom telkens daaraan dat hy nege onderskeidings van Greg in sy matriekjaar verwag. | Bl. 106: *"… Bepaal jou aandag by jou studies en jou sport. Ek verwag uitstekende resultate van jou teen die einde van jou matriekjaar. Ek sal met niks minder as dit tevrede wees nie, hoor jy vir my, Greg?"*<br>Bl. 157: *Intussen is die opgehoopte skoolwerk besig om in die Drakensberg self te verander.* |
| **Greg is gespanne wanneer hy uitvind dat sy pa by die PNR-projek betrokke is, omdat hy besef dat hy onwetend sy pa aan die polisie uitgelewer het.** | Eckardt vertel vir Greg dat sy pa die Candlestick-maker van die PNR-projek is. Greg kan nie glo dat sy pa by so iets afgrysliks betrokke geraak het nie.<br><br>Greg vra sy pa uit oor PNR en moet sien hoe sy pa pynlik afgetakel word./glad nie optree soos die selfversekerde man wat Greg geken het nie. Hierdie verandering laat spanning by Greg ontstaan omdat hy skielik nie meer weet wat waarheid en wat leuen is nie. | Bl. 215: *"Dis reg, die Candlestick-maker is jou pa …"*<br>Bl. 221: *Ek het nooit gedink hy sou deurmekaar raak met iets so afgrysliks soos wat met die virus gedoen kan word nie.*<br><br>Bl. 222: *"Hoekom, Pa?"*<br>Bl. 220: *Terwyl ek so na my pa kyk, sien ek vir die eerste keer hoe hy pynlike oomblik vir oomblik afgetakel word.* |

| **ECKARDT:** | | |
|---|---|---|
| **Eckardt, as nuweling, veroorsaak spanning by Greg, omdat Greg voel dat Eckardt se houding sy gesag uitdaag.** | Greg voel dat Eckardt sy gesag uitdaag met sy slordige voorkoms en die manier hoe hy na Greg van onder sy wenkbroue kyk. | Bl. 53: *Donkerkop, ongeskeer.*<br>Bl. 53: *Sy oë kyk 'n oomblik lank na my van onder sy donker wenkbroue*.<br>Bl. 53: *Moeilikheid, sien ek. Hierdie ou soek moeilikheid.*<br>Bl.53: *Hy moet nie dink hy kan hier aankom met 'n houding nie.* |
| | Eckardt se uitdagende antwoord oor "Zero's" en "One's" laat Greg ongemaklik voel omdat hy hom op 'n terrein begewe waarvan hy niks weet nie. | Bl. 53: *"Zero's en One's is al wat jy nodig het." sê hy. Ek frons, weet nie wat hy bedoel nie. Ek kan sien hy weet dit.* |
| **Greg beleef spanning tydens die Trapperritueel wanneer Eckardt se oë hom aan sy oorlede broer, John, herinner.** | Greg besluit om die nuwe seun ook in die donker gat van die tonnelritueel te laat sak, maar beleef spanning toe die flitslig op Eckardt se oë val en sy oë Greg aan John herinner. Die spanning lê daarin dat Greg dan instinktief vir Eckardt uit die tonnel haal en hy weet dat die ander matrieks dit nie goedkeur nie. | Bl. 63: *Daardie manier van sy gesig draai, die uitdrukking in sy oë. Alles presies net soos my broer s'n. Net soos John.*<br>Bl. 63: *Toe trek ek hom self uit die donker gat … maar ek gee nie om nie. Ek moes dit doen.* |
| **Greg en Eckardt se betrokkenheid by kuberkrakery/ leuens lei toenemend daartoe dat Greg gespanne is. Hy besef dat hy, as hoofseun, nié die regte voorbeeld stel nie./die skoolreëls oortree.** | Eckardt betrek vir Greg by die donker onderwêreld wanneer hy hom leer hoe kruberkrakery werk. Greg beleef spanning, omdat kuberkrakery besig is om sy lewe oor te neem. | Bl. 89: *Ek gaap, kyk na die horlosie aan die onderkant van die rekenaarskerm. Dit was ure terug al ligte uit.*<br>Bl. 138: *Ek is in vet moeilikheid. Goed, inspekteur Cele-hulle weet nie van die hacking nie. Maar wat as hulle uitvind?* |
| | Greg wil toenemend meer van kuberkrakery weet. Dit veroorsaak dat hy ander take afskeep./van donker geheime/leuens moet begin gebruik maak om sy aktiwiteite/swak akademiese punte te verbloem. | Bl. 97: *Die volgende klompie aande, nadat ek onder Eckardt se leiding die eerste hacking challenge voltooi het, is ek ná oorhaastige studiesessies en uitgeruilde toesigdiensbeurte aanmekaar besig op hackthissite.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Onder valse voorwendsels neem Eckardt vir Greg na die rekenaarnetwerkkamer en Greg is bang hulle word daar betrap. | Bl. 110*: Ek haal diep asem. Hierdie plek is way off limits*.<br>Bl. 111: *"As iemand ons hier kry, is dit verby met ons," sê ek sag.* |
| **Wanneer Eckardt verdwyn, ervaar Greg spanning, omdat hy bang is dat Eckardt dalk ook selfdood kon gepleeg het.** | Die gerugte oor 'n selfdoodbrief ontstel vir Greg. Hy dink onwillekeurig terug aan sy broer, John, se selfdood en is bang dat die geskiedenis homself herhaal. | Bl. 65: *Waar die gerugte begin het, weet ek nie. Maar teen die tyd dat ons op die plein staan, in groepe opgedeel, praat almal van 'n brief wat gekry is. 'n Selfmoordbrief.*<br>Bl. 66: *En nou is daar die rumours. Eckardt het selfmoord gepleeg. Dit voel soos 'n goor fliek wat jy alreeds gesien het. Hoekom sal dit weer gebeur? En hoekom met Eckardt?* |
| **Die soektog na Eckardt skep vir Greg spanning op verskillende terreine.** | Greg besef dat die soektog na Eckardt iets gevaarlikers behels as wat hy aanvanklik gedink het.<br><br>Greg se soektog skep spanning tussen hom en die polisie. | Bl. 117: *Hulle weet ek was in hulle systems. Hulle weet wat ek gedoen het. Hulle weet wie ek is. Die woorde word soos vingers wat om my hart vou. Dit saampers.*<br><br>Bl. 128: *"Ons ondersoek Eckardt Wilken se verdwyning en wil jou 'n paar vrae vra." Ek is dadelik op my hoede.*<br>Bl. 164: *Ek voel hoe 'n sweetdruppel langs my slape begin vorm, stadig afloop na my wang …*<br>*"Ék glo jou nie, Greg." …*<br>*"Julle moet my glo!"*<br>Bl. 180: *Ek moet vashou aan die armleunings van die stoel waarop ek sit om te keer dat ek saam met die kantoor om my begin tol, met my gedagtes wat versplinter, deur my maal en my binnegoed verbrysel.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Die soektog na Eckardt skep spanning tussen Greg en sy vriende. | Bl. 194: *Ek sluk, my keel is droog … Daar is geen uitkomkans meer nie. Geen mooipraatjies wat sal help nie.*<br>Bl. 169: *TJ bly 'n ruk lank stil, toe sê hy: "Jy lieg vir my. Hoe lank nou al. Dink jy ek is stupid, hé?" "Jy steek iets weg."* |
| **Eckardt skep spanning wanneer Greg vermoed dat Eckardt en Nicole skelm 'n verhouding het.** | Greg voel onseker oor sy verhouding met Nicole wanneer hy opmerk dat Nicole meer aandag aan Eckardt as aan hom gee.<br><br>Tydens die Aprilvakansie in Jeffreysbaai konfronteer Greg vir Eckardt toe hy hom een aand in die gang naby Nicole se kamer met net sy slaapbroek aan betrap. | Bl. 148: *Miskien is dit omdat Nicole se oë op daardie oomblik meer oor Eckardt se bruingebrande lyf val as oor myne. Eckardt se gesig is poker-stil, weggesteek agter 'n sonbril, maar ek wens skielik ek kan sien wat agter daardie donker brilglase skuil.*<br><br>Bl. 149: *"Was jy by Nicole?" Ek staan nou reg voor hom … My vingers trek saam in vuiste soos die woede in my kook … "Eckardt, ek is nie flippen blind nie. Ek sien hoe kyk sy vir jou."* |
| **Eckardt skep spanning tussen Greg en sy pa.** | Eckardt probeer 'n reaksie by Greg uitlok wanneer hy die saadjie plant dat Greg se pa sy lewe beheer.<br><br>Eckardt sê vir Greg dat hy sy eie besluite moet neem.<br><br>Eckardt wys vir Greg daarop dat sy pa van hom 'n tweede John maak. | Bl. 70: *"My pa sal uitfreak as sy skouperd iets doen wat hom 'n skorsing kos." "So, het jy ook een van daardie pa's?"*<br><br>Bl. 99: *"Jeez, Greg, jou pa kan nie vir jou besluit nie," sê Eckardt. "Jy is byna 18, my ou. Tyd om op jou eie bene te staan."*<br><br>Bl. 174: *"Moet jy ook die modelkind wees? Moet jy jou broer se plek vat noudat hy nie daar is nie?" … "Maar dis nie omdat ék wil nie, dis omdat my pa wil."* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| Vraag | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1 | Hy is in Eckardt se kamer. ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy soek na leidrade van waar Eckardt hom mag bevind./wat met Eckardt gebeur het. ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.2.1 | Ja<br>Op hierdie stadium het Greg al reeds 'n Wiskundetoets gedruip./sy April-rapport vervals./sy akademie erg afgeskeep./al sy tyd aan kuberkrakery bestee.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Greg se pa behoort op hierdie stadium te dink dat Greg se punte goed lyk omdat Greg sy April-rapport vervals het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.2.2 | Hy wil sy huiswerk doen om in John se voetspore te volg./ter nagedagtenis aan John./<br>Greg doen sy huiswerk omdat hy na sy pa se aanvaarding/liefde smag. ✓ | 1 |
| 7.3.1 | Greg se ma druk hom nie om te presteer nie,/vra hom nooit uit oor sy akademie nie, terwyl Greg se pa druk op hom toepas om te presteer./nege onderskeidings te behaal./gereeld uitvra oor sy akademie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied beide kante van die verskil vir EEN punt aan* | 1 |
| 7.3.2 | Greg se ma wil nie hê dat hy dieselfde paadjie as John moet loop nie. ✓<br>Greg se pa wil hê hy moet sy skouperd/kloon/'n toppresteerder wees./John se plek inneem./Turret Media oorneem. ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |
| 7.4. | Eckardt is die nuwe seun wat in sy matriekjaar in die skool gekom het./<br>Eckardt het met voorbedagte rade homself by die skool ingeskryf om Greg te bevriend./Greg het Eckhardt in die koshuis/op pad na sy (koshuis)kamer raakgeloop ✓ | 1 |
| 7.5 | Positief:<br>Eckardt se belesenheid prikkel Greg se nuuskierigheid./oortuig Greg dat Eckardt vir hom iets kan leer. ✓<br><br>**EN**<br><br>Negatief:<br>Die boek oor depressie manipuleer Greg sodat hy vrees dat Eckardt dalk selfdood (soos John) gepleeg het./<br>Eckardt manipuleer Greg met sy boekekennis (kennis oor kwantumteorieë en –rekenaars) om by die onderwêreld van kuberkrakery betrokke te raak. ✓ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.6 | "Nie juis 'n party animal nie."/"Altyd stil, op sy plek, half eenkant."/<br>"half eenkant" ✓ | 1 |
| 7.7 | By hulle eerste ontmoeting het hy Eckardt as arrogant/moeilik ervaar./<br>Greg het ervaar dat Eckardt sy gesag uitdaag. ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy wou Eckardt dwing om aan die Tonnelritueel deel te neem. ✓<br><br>**EN**<br><br>Eckardt se oë het vir Greg aan John herinner. ✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 7.8 | Hy het sy ma soontoe geneem om van die saak rakende Dok Pienaar/negatiewe publisiteit af weg te kom./rustig met sy ma oor al die feite rakende die PNR-projek te gesels. ✓ | 1 |
| 7.9 | Ek-verteller/eerstepersoonsverteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Die verteller is effektief, want dit maak Greg se innerlike konflik geloofwaardig./dit help die leser om hom met Greg se innerlike stryd te vereenselwig. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie aandui dat die verteller NIE effektief is nie.*<br><br>**EN**<br><br>Die retoriese vrae/herhaling is effektief, want dit beklemtoon Greg se onsekerheid. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie aandui dat die retoriese vrae/herhaling NIE effektief is nie.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 7.10 | Greg se pa het 'n kommunikasiemaatskappy en 'n mens sou verwag dat hy weet hoe om met sy seun te kommunikeer, maar in werklikheid het hulle 'n swak verhouding as gevolg van swak kommunikasie. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die ironie vir EEN punt verwys.* | 1 |
| 7.11 | Sy fokus is nie meer net op homself nie, maar op hulle as gesin./die invloed wat sy dade op die hele gesin het./Hy kyk met sagter oë na sy pa./John. ✓<br><br>*Kandidaat moet na die TWEE kante van karaktergroei vir EEN punt verwys.* | 1 |
| 7.12 | Ja<br>Greg het as karakter gegroei./<br>Hy het 'n ander ingesteldheid as die begin van die jaar./<br>Greg is nie meer die windbol/arrogante seun van die begin van die jaar nie./<br>Dit is nou Greg se eie besluit, nie meer iets wat sy pa van hom verwag nie.<br><br>**OF** | |

| | | |
|---|---|---|
| | Nee<br>Greg het nie uithouvermoë nie./Greg is gewoond daaraan dat dinge vir hom maklik kom./<br>Greg se akademie is op so 'n laagtepunt dat prestasies (nege onderskeidings) moeilik bereikbaar is./<br>Wanneer Greg die ware feite oor sy pa uitvind, mag sy besluit verander. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 7.13.1 | Eckardt het elke oggend vir Greg met hierdie woorde wakker gemaak. ✓<br><br>**EN**<br><br>Omdat Eckardt anders lyk, is dit die manier waarop hy Greg se aandag trek. Hier word hierdie woorde van Eckardt 'n teken dat hy finaal Greg se illusies/die wanindrukke waaronder Greg verkeer/Greg se oorblywende onskuld gaan vernietig (en hom dus so metafories gaan wakker skud)./ ✓ | 1<br><br><br><br>1 |
| 7.13.2 | In TEKS A is Greg bekommerd/besorgd oor Eckardt, maar na sy ontmoeting met Eckardt in TEKS B voel Greg verraai./in die steek gelaat./haat Greg vir Eckardt. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na TEKS A en TEKS B vir EEN punt verwys.* | 1 |
| | | **[25]** |

## *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

**B – BAAS**
**G – GRIESEL**

### VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys**

[HAT-verklaring van spanning: Onrustige afwagting; aanhoudende gevoel van bekommernis; 'n gevoel wat bestaan wanneer mense mekaar nie vertrou nie en mekaar enige oomblik kan aanval; toestand/verhouding wat tot 'n breuk kan lei; dreigende vyandskap.]

| ARGUMENT | MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **BAAS:** | | |
| **Baas ervaar bitterheid oor die moord op sy ouers wat tot spanning tussen hom en die Lozi-gemeenskap lei.** | Daar is onderliggende bitterheid te bespeur, want Baas se ouers is deur rebelle tydens die Rhodesiese bosoorlog vermoor. | Bl. 63: "... *Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood? Ná my pa en ma deur 'n spul barbare vermoor is?"* |
| | Hierdie bitterheid veroorsaak innerlike konflik by Baas rakende sy rol as helper in die plaaslike gemeenskap. | Bl. 43: "… *Ek is nie gestuur nie en ek is vir seker nie hier om enigiemand te kom help nie. Ek is hier om my boot op die Zambezi te kry."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Daar heers spanning tussen Baas en die khuta as gevolg van die eise wat hulle stel.** | Baas kry die opdrag by die stampolisieman, dat hy voor die khuta moet verskyn. Baas weier./vloek die khuta.<br><br>Grace probeer vir Baas oorreed dat hy die khuta moet respekteer, want hulle kan sy lewe moeilik maak. Maar Baas toon geen respek vir hulle outoriteit nie.<br><br>Baas word deur die khuta gedagvaar./het geen ander keuse as om die opdrag te gehoorsaam nie. | Bl. 87: "*Sê vir hulle hulle kan in hulle moer vlieg …"*<br>*Baas draai sy rug op hom.*<br><br>Bl.92: *"Ek wil niks weet van daardie sirkus wat julle 'n khuta noem nie, en nog minder van die hanswors van 'n stam-polisieman."*<br>Bl.94: *"As jy nie die saak met meneer Mosko en met die khuta regmaak nie, sal dit 'n moeilikheid wees wat by jou sal bly wanneer jy al lankal gesond is."*<br><br>Bl. 123: *"Letter! Khuta! Now!"* |
| | Die gierigheid van die khuta wanneer hulle aandring op 'n aandeel van die vleisverkope asook in die pontboot, laat Baas wonder oor wat hulle tevrede sal stel. Hy het reeds alles wat hy het, vir hulle gegee. | Bl.169: *Sal dit enige verskil maak as hy vir hulle sê hy het die laaste geld uit sy rekening onttrek? … Maak hý vir hulle saak?* |
| **Die plaaslike inwoners wat verwag dat Baas deur-lopend tot hulle "redding" moet kom, veroorsaak vir Baas spanning.** | Ouma Essie en Grace wil hom laat verstaan dat hy "gestuur" is om die gemeenskap te help, maar hy wil nie dié identiteit (van helper) aanvaar nie.<br><br>Baas sê hy is nie in Barotseland om enige iemand te help nie.<br><br>Baas ervaar dat die plaaslike inwoners verwag dat hy alles wat hy het, vir hulle moet gee sonder om enige ag op sy eie behoeftes te slaan. | Bl.43: *" … want sy weet die tyd het gekom dat iemand gestuur word om die mense van Manaka te help."*<br><br>Bl. 63:*"Dink jy ek het Barotse-land toe gekom om verant-woordelik te voel vir almal se skete en kwale en honger-snood?"*<br>Bl. 93: *"Ek wil ook nie weet van werksoekers …"*<br><br>Bl. 63: *"Hoekom het ek nie pille gehad toe ék malaria gekry het nie? Maak dit vir julle saak dat ek ook 'n lewe het om te leef?"*<br>Bl.169: *Maak hý vir hulle saak?* |

| | | |
|---|---|---|
| **Die muloi (toordokter) is gekant teen Baas en die sendelinge se teenwoordigheid op Manaka, wat tot verdere spanning lei.** | Wanneer Baas siek word, jaag Chisupo almal, wat vir Baas wil help, weg – onder andere Baas se helper, Johnnie.<br><br>Chisupo gee opdrag dat niemand naby Baas se huis mag kom om hom te help nie.<br><br>Die plaaslike mense is bang vir Chisupo en glo dat hy oor kragte beskik om hulle skade te berokken. | Bl. 42: *"Baie mense het gekom om te help, maar meneer Chisupo het hulle verhinder."*<br><br>Bl.47: *"Die Een wat nooit Slaap nie het gesê ons moenie naby die huis kom van die man wat wit is nie."*<br><br>Bl.90: *"… hy is 'n muloi, wat jou kan toor en, as hy wil, kan hy jou 'n sehole maak, iemand wat gebreklik is."* |
| **GRIESEL:** | | |
| **Sedert Griesel se aankoms op Manaka, heers spanning tussen hom en die khuta.** | Tydens Griesel se eerste ontmoeting met die khuta is hy geskok oor hoeveel geld die khuta vir die konsessie vra. Oom Scholtzie moet intree./Griesel kalmeer.<br><br>Wanneer Griesel deur die khuta ontbied word, weier hy om te gaan en Nanna verskyn in sy plek. | Bl. 55: *"Vyfhonderd rand!" Dominee Griesel du Pisani ruk sy toegewasemde bril af en kom regop. Sy baardjie bewe verontwaardig.*<br><br>Bl. 164: *Ouma Essie sê nie vir hulle dat Griesel geweier het om te kom nie.* |
| **Baas en Griesel haak uit die staanspoor vas weens Griesel se meerderwaardigheidskompleks teenoor die Lozi-mense.** | Griesel voel beledig deur die stamkapteins en Baas met wie hy sy spasie moet deel.<br><br>Baas noem Griesel 'n helikopterpilot omdat Griesel slegs omgee oor homself en nie werklik die Lozi-mense se belange op die hart dra nie.<br><br>Baas meen dat Griesel reeds besluit het dat hy nie in Manaka wil wees nie. | Bl.113: *"… Ek voel beledig. Ek hou nie daarvan om behandel te word soos iets wat die kat ingedra het nie. Nie deur stamkapteins wat my R500 per maand laat betaal om vir hulle te werk nie. Ook nie deur enige klein jan rap en sy maat waarmee ek my spasie moet deel nie. 'n Mens het immers basiese regte."*<br><br>Bl.114: "*Dit is dat die helikopter-pilot 'n ander plek gaan soek waar hy sy basiese regte kan uitoefen in die rukkie wat hy nog in Barotseland sal vertoef."*<br><br>Bl. 114: "*… terwyl jy lankal besluit het jy wil nie hier wees nie."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Griesel beskou homself as verhewe bo die plaaslike inwoners en dit lei tot spanning.** | Reeds by die eerste khuta-vergadering is dit duidelik dat hy nie inpas nie. | Bl. 52: … in sy *donker pak met dofwit strepies …* |
| | Hy beskou die plaaslike mense as vuil. | Bl. 59: *Dominee Griesel du Pisani gooi water uit die wit plastiekkannetjie wat hy agter op sy bakkie het en was sy hande.* |
| | Griesel is meerderwaardig. Hy beskou die Lozi's as ongeredde siele, ten spyte van ouma Essie en Joseph Sitali, die vorige sendeling, se invloed. | Bl. 53: *"Ons is hier om die Woord van die Here aan ongeredde siele te bring," kondig Griesel aan.* |
| | Wanneer die olifante die nabygeleë landerye bedreig en Baas vir Griesel om hulp vra om die olifante te verjaag, toon Griesel geen meegevoel nie. | Bl.156: *"Hulle raak in die lande aan die slaap! En ek moet die olifante wegjaag!"* |
| **Griesel se misplaaste verwagtinge en minagting vir Lozi-etiket/-gebruike veroorsaak spanning in homself.** | Griesel is baie teleurgesteld wanneer hy die kerkgeboue sien. | Bl. 70*: "Dit is nie soos ek gedink het dit gaan wees nie, oom Scholtzie,"* |
| | Wanneer Griesel op Manaka arriveer, wys hy ouma Essie se uitnodiging om by haar te bly van die hand. | Bl. 74: *"Ek slaap nie daar nie," sê Griesel.* |
| | Griesel is nie bereid om aan te pas by die gebruike van die Lozi-kultuur nie./hou vol dat hy ook basiese regte het. | Bl. 112: *"En die hele wêreld sien hoe hulle nuwe muluti hom soos 'n bedorwe kind gedra omdat hy nie sy sin kry nie. Omdat alles nie is soos hy gedink het dit sal wees nie!"*<br>Bl. 113: *" 'n Mens het immers basiese regte."* |
| | Wanneer Grace vir die sendelinge probeer leer oor die gebruike van die Lozi-kultuur, reageer Griesel met minagting. | Bl. 98: *"Dis júlle kultuur." Griesel wil onder die kom-buisafdak gaan eet. Nanna trek hom terug in die hut.* |
| | Die Lozi-mense verwys na die makoa as "die ongeskiktes" en dit is van toepassing op Griesel. | Bl. 98: *" 'Makoa' is die naam wat in ons taal gegee is vir die mense wat wit is. 'Die ongeskiktes' is die betekenis daarvan."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Griesel voel dat hy nie deur die plaaslike inwoners aanvaar word nie en dit lei tot sy uiteindelike vertrek uit Manaka.** | Griesel voel hy is nie nodig in Manaka nie. Hy ervaar dat sy bediening 'n mislukking is. | Bl. 112 – 113: *"Wat hét jy gedink Griesel?* *"Of miskien het jy 'n leërskare ongeredde siele verwag wat lank geoefen het om 'Halleluja' te skreeu wanneer hulle ons sien."* Bl. 200: *"Ons kan ry… Ek is nie hier nodig nie."* Bl. 235: *In die pad wat van Manaka af weggaan, word die dreuning van die sendelinge se voertuig tussen die klipkoppe sagter en uiteindelik stil.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 | Hulle was sendelinge./wou die Christelike boodskap bring. ✓ | 1 |
| 9.2.1 | Ouma Essie is die oudste lid van die kerk op Manaka./Ouma Essie se oorlede man (Joseph) het die kerk op Manaka gehelp vestig./Ouma Essie word as die Profeet van die Bybel beskou./het baie opgeoffer om die kerk in Manaka te vestig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.2.2 | Die verwesenliking van drome gaan soms met teleurstellings/terugslae gepaard./Nie alle drome word bewaarheid soos wat 'n mens beplan nie./ Moenie opgee op jou drome nie, selfs al is daar struikelblokke. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan.* | 1 |
| 9.2.3. | Ja<br>Ondanks Baas se harde werk/baie opofferings om sy boot te herstel word hy deur ander se haat en kwaadwilligheid skade berokken./As gevolg van die feit dat Baas deurentyd goed en behulpsaam teenoor die gemeenskap is verdien hy nie die teenspoed wat hy ervaar nie./Baas ervaar die een na die ander terugslag in die lewe en die teleurstellende nuus oor die boot voel onregverdig teenoor iemand wat soveel goed vir ander doen. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 9.3.1 | Oom Scholtzie ✓ | 1 |
| 9.3.2 | Ouma Essie weet dat die khuta se laaste vergadering vir Baas op die grens van wanhoop gedryf het en is bang dat hierdie brief vir hom 'n uitkoms uit Manaka bied./Ouma Essie is bang dat hierdie brief hom gaan wegneem van Manaka voordat hy sy roeping as gestuurde na Manaka erken. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.4.1 | Chisupo./Die Een wat nooit Slaap nie./Toordokter/Die muloi. ✓ | 1 |
| 9.4.2 | Hy het in die vlamme van die brandende kerk ingehardloop. ✓ | 1 |
| 9.4.3 | Ouma Essie verteenwoordig Christenskap./Sy word ook die Profeet van die Bybel genoem wat die Woord van God op Manaka verkondig./Sy verteenwoordig dus die "goeie"./Ouma Essie dien as die gewete van die gemeenskap. ✓<br><br>**EN** | 1 |
| | Chisupo verteenwoordig dit wat teen die Christelike geloof is./die meer heidense (en moontlik selfs satanistiese) gebruike./Hy braai byvoorbeeld 'n bokkop teen die kerkmuur./brand die kerk later af. ✓ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.5.1 | Brindle het Briekwa aan die keel gebyt./Briekwa het met Brindle baklei oor wie die leierhond is. ✓ | 1 |
| 9.5.2 | Ja<br>Baas se honde is ''n onafskeidbare deel van sy lewe en speel 'n belangrike rol as "karakters" in die roman./<br>Die honde speel 'n belangrike rol in die uitbeelding van Baas se karakter./<br>Die honde help om die ontwikkelende verhouding tussen Baas en Grace uit te beeld (sy versorg die honde terwyl hy siek is, want sy weet die honde is vir Baas belangrik)./<br>Die honde se houding teenoor verskillende karakters, byvoorbeeld teenoor Chisupo en Riekert, weerspieël/versterk dikwels Baas se houding teenoor hulle. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke motivering vir EEN punt aan*.<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie* | 1 |
| 9.6 | (Baas distansieer hom aanvanklik van 'n geestelike roeping/doel op Manaka), maar kom uiteindelik tot die besef dat hy as sendeling/helper deur God gestuur is./<br>Wanneer Baas uiteindelik sy bestiering as sendeling/helper aanvaar, ervaar hy herstel in sy verhouding met God./sy geestelike lewe. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1 |
| 9.7.1 | 'n Rustige/vreedsame stemming ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.7.2 | "Blye verseekring Jesus is myn" bevestig vir Baas dat hy en Christus aan mekaar verbonde is./dat die Jesus wat hy as kind geken het steeds lief is vir hom./<br>"U soek ek Heer Uself o Lewend Woord" spreek tot Baas se soeke na God./<br>"I once was lost but now I'm found" getuig ook van Baas se geestelike verhaal./<br>Die geestelike liedjies herinner Baas aan sy kinderjare toe hy geloofsekerheid gehad het. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.7.3 | Grace ✓ | 1 |
| 9.7.4 | Die aanhoor van die liedjies roep by Baas die verlede op ('n tyd toe hy meer sekerheid in sy geloof ervaar het)./Die liedjies herinner hom aan kerkliedjies uit sy jeugjare./die liedjies herinner hom daaraan dat sy ouers toegewyde Christene was. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.8 | Baas gee die mense medisyne teen malaria./help Manuel se siek kind./<br>Hy verkoop vleis./gee vleis verniet weg./Hy ry pale vir die khuta aan. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.9 | Die "familiekwaal" waarna Whitey verwys, is die Chipmans se gewoonte om, soos Baas, ander mense ten koste van hulself te help./<br>Hierdie woorde skakel met Baas se omgee en hulpvaardigheid wat familiewaardes is wat deur sy bloedlyn loop. ✓ | 1 |
| 9.10.1 | 'n Mens sou verwag dat Nanna as sendeling/die dominee se vrou/getroude vrou nie by Baas op romantiese wyse toenadering sal soek nie, maar in werklikheid bieg sy oor haar gevoelens jeens hom. ✓<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.10.2 | Ja<br>Sy is 'n getroude vrou/die sendeling se vrou wat in Manaka is om die Woord van God te verkondig. Haar optrede is teenstrydig met haar geloof wanneer sy by Baas toenadering soek.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Nanna is 'n emosioneel afgeskeepte vrou wat net na 'n bietjie liefde/aanvaarding smag./<br>Hierdie toenadering doen geen afbreuk aan die feit dat sy met die uitleef van haar geloof mense na die kerk toe laat kom nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 9.11 | Nanna is 'n positiewe mens en sien uit na hulle nuwe tuiste op Manaka,/Selfs al is die toestand van die sendingstasie sleg, kry dit haar nie onder nie, terwyl Griesel sy teleurstelling aan oom Scholtzie opper./<br>Nanna se aanslag tot die bediening is om opreg met die plaaslike mense kontak te maak, terwyl Griesel meerderwaardig oor sy rol as sendeling voel./<br>Nanna gebruik sangdienste in haar bediening van die Woord, terwyl Griesel bestrawwend preek./<br>Nanna wil aanpas by die kulturele gebruike van die gemeenskap. Griesel meen dat die Lozi's se etiketgebruike hulle kultuur is en nie vir hom geld nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat moet na beide kante van die verskil verwys.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.12 | Ja<br>In TEKS C is Baas teleurgesteld/hartseer oor die verlies van sy boot, terwyl Baas in TEKS D vrede/rustigheid/kalmte ervaar oor sy roeping/rol (as helper) op Manaka. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die verskil vir EEN punt verwys.* | 1 |
| | | **[25]** |

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

## VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**C – OOM CHAI**
**W – TANT WONNIE**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

[HAT-verklaring van spanning: Onrustige afwagting; aanhoudende gevoel van bekommernis; 'n gevoel wat bestaan wanneer mense mekaar nie vertrou nie en mekaar enige oomblik kan aanval; toestand/verhouding wat tot 'n breuk kan lei; dreigende vyandskap.]

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Oom Chai** | | |
| **Die boere veroorsaak aanvanklik spanning by Oom Chai omdat hy vir hulle bang is, maar hy kry dit reg om hierdie ervaring om te swaai in medemenslike optrede.** | Oom Chai sê hy moet op sy hoede wees vir die Boere, want hulle skiet nooit mis nie. Oom Chai laat, ten spyte van dié gevaar, 'n graf vir die ouma wat in die plaashuis doodgebrand het, grawe. | Bl. 8: *Chai het toe vir ons boys gesê om die grawe en pikke te bring en 'n graf te grawe net langs die lyk.* |
| **Oom Chai ervaar die afbrand van die plaashuise as ontstellend, maar beskou hierdie ervaring as die geleentheid tot beter lewensomstandighede vir die mense van Vatmaar.** | Die afbrand van die plaashuise het Oom Chai baie ontstel sodat hy besluit het om nie meer huise af te brand nie.<br><br>Oom Chai laat al die bruikbare items by die afgebrande plaashuise bymekaar maak sodat die mense in Vatmaar vir hulle huise kan bou. | Bl. 13: *Ek het weer op die klip gaan sit en dink aan 'n manier om nie die plaashuis hier anderkant af te brand nie, 'n huis wat ook liefde huisves.*<br><br>Bl. 9: *Hulle moes my help om die sinkplate van die dakke af te haal en om die beste hout, vensters en deure uit te breek en die beste huisraad, potte en panne bymekaar te maak.* |
| **Oom Chai ervaar spanning toe hy die eerste keer Dominee Louis Pienaar ontmoet en besluit daarna dat Vatmaar sy eie kerk moet kry.** | Die gedagte dat Dominee Louis Pienaar hom gaan vra aan watter kerk hy behoort, maak Oom Chai aanvanklik gespanne, maar hy druk deur en vra die dominee dat Vatmaar sy eie kerk moet kry, want die babas en kinders moet gedoop word. | Bl. 25: *Die eerste ding wat hierdie kerkvaders vir iemand vra wat vir hulle die eerste keer ontmoet, is: Aan watter kerk behoort jy? Oom Chai het daarvoor gewag.*<br>Bl. 25: *Domanie, sê Oom Chai, ons in Vatmaar het rêrigwaar 'n sendingkerk nodig want daar is bybies en jong kinders wat nie gedoop is nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Oom Chai hanteer die druk van sy kinderloosheid deur die Familiebybel na sy broer in die Vrystaat te neem sodat die Bybel in die familie kan bly.** | Oom Chai doen die eerbare ding deur die Familiebybel vir sy broer te neem, want hy het nie kinders nie. So sal die Bybel 'n ereplek in die familie kry. | Bl. 247: *Ek is Charles. My Ouboet is Steven. Ek het besluit om Vrystaat toe te gaan en die familiebybel vir hom te vat. Hy het kinders, en soos julle weet, het daai wilde perd wat ek beslaan het toe ander mense bang was, my broei-are verswak.* |
| **Oom Chai se huwelik met Bettie skep spanning tussen hom en die mense van Vatmaar, maar hy steur hom nie daaraan nie en nooi hulle eerder na sy huis toe.** | Oom Chai steur hom glad nie aan die mense se venynigheid oor hy 'n jong vrou en seun het nie. Hy lewer nie eens kommentaar op wat hulle sê nie. | Bl. 274: *Almal was stomgeslaan – tot Ouma Drieka uitgeroep het: Hy het 'n kind getrou, die vuilgat! ... Dit was een van die groot teleurstellings op Vatmaar, ...*<br>Bl. 279: *By die stokvel het hy nou saam met sy vrou tussen die jongklomp gaan sit.*<br>Bl. 279: *Sy grootste fout was om 'n grammophone en plate te koop, want daarna was die voorkamer al voor sononder vol jong mense.* |
| **Tant Wonnie** | | |
| **Na Tant Wonnie se man se dood beleef sy die spanningsvolle situasie dat sy geen inkomste meer het nie, maar Tant Wonnie maak planne om te oorleef./deel die bietjie wat sy het met die mense van Vatmaar.** | Tant Wonnie verkoop noodgedwonge haar huis net om te kan oorleef, maar hou die buitekamer vir haar en haar dogters uit sodat hulle ten minste 'n dak oor hulle kop het. | Bl. 110: *Maar toe sy en Suzan van Sannah Vosloo se begrafnis af teruggekom gekom het, moes Tant Wonnie die groot huis aan Mister Windgrove verkoop. Sy het die buitekamer uitgehou en gesê een kamer is beter as geen kamer.* |
| | Tant Wonnie verkoop selfs die waterput om 'n inkomste te genereer, maar deel die vleis wat sy as betaling kry met die mense van Vatmaar. | Bl. 111: *En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel.* |
| | As Dirk Twala uit goedgunstigheid vir Tant Wonnie lewensreg op die water in die put gee, deel sy dit met die mense van Vatmaar. | Bl. 111: *Maar Tant Wonnie se put en 'n paar ander het altyd water gehad en almal kon daar kom water skep. Niemand is weggestuur nie.* |
| | Tant Wonnie besit niks nie, maar dit het haar nie gespanne gemaak nie; eerder aangemoedig om die bietjie wat sy het, met ander te deel. Tant Wonnie voorsien die Vatmaar-inwoners van medisyne omdat hulle nie 'n dokter kan bekostig nie. | Bl. 111: *Tant Wonnie wou nooit sê hoeveel die medisyne kos nie, ook al het hulle haar reguit gevra. Sy het net gesê: Gee wat jy wil.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Tant Wonnie werk as wasvrou, slegs vir kos en om aan die lewe te bly. | Bl. 112: *Tant Wonnie was die wasvrou … Dit was die meeste van die tyd in ruil vir iets om te eet.* |
| **Die vernedering wat Tant Wonnie ervaar na Martha haar beskuldig dat sy haar trouring gesteel het, maak nie vir Tant Wonnie gespanne nie – nie eers in die tronk nie – maar versterk eerder haar geloof.** | Tant Wonnie laat haar nie uitlok deur Martha September om haarself swak te gedra nie, maar behou haar waardigheid en waardes. | Bl. 125: *Die balie skuif van die bankie af en Tant wonnie beland in die omgekantelde bad water. … Tant Wonnie was 'n ouerige vrou en sy het weer baie stadig opgestaan.*<br>Bl. 144: ... *Vader, my Meester wat in my woon, U wat weet hoekom ek hier is, as dit U wil is, dank ek U. U weet wat die beste vir my is.* |
| **Tant Wonnie laat nie toe dat die druk van die tronk/hofsaak haar moed laat verloor nie, maar bly glo dat geregtigheid sal geskied.** | Tant Wonnie gebruik hierdie ervaring om haarself te ondersoek ten opsigte van of sy in die verlede iemand anders te na gekom het.<br><br>Tant Wonnie behou haar waardes/is altyd eerlik/pleit onskuldig/sê vir die magistraat dat sy nog nooit 'n ring gehad het nie sonder om melding te maak dat sy nie die ring gesteel het nie. | Bl. 160: *U weet dat ek nie daai ring gesteel het nie, maar as hierdie die straf is vir 'n ou oortreding, vir die verbreking van een van U wette, dan glo ek dat dit net ten goede is om my te leer ek het U lief.*<br><br>Bl. 179: *Mineer, het sy geantwoord, ek het nog nooit 'n ring aan my gehad nie.* |
| **As Tant Wonnie se dogter Kaaitjie sterf, laat sy haar nie daardeur onderkry nie, maar wend haar eerder tot God vir hulp.** | Nadat Kaaitjie vir veertien dae dwangarbeid verrig het, het sy in 'n gehawende toestand by die huis opgedaag en Tant Wonnie het besef sy kan haar nie help nie; sy kan net bid.<br><br>Na Kaaitjie se dood slaag Tant Wonnie daarin om God te loof en prys eerder as om in ellende gedompel te word. | Bl. 267: *Tant Wonnie het gedoen wat mense doen as hulle alles probeer het en niks help nie – sy het op haar knieë gegaan, haar elmboë in die bloed op die bed. Ek smeek U, Vader! het sy uitgeroep.*<br><br>Bl. 268: *Ek huil nie oor dit wat net God kan doen nie – lewe gee, lewe neem. Ek huil van dankbaarheid. Ek sê: Dankie, Here, vir dié twee vriende ...* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Hy was 'n vakleerling as timmerman-skrynwerker./timmerman./skrynwerker. ✓ | 1 |
| 11.2 | Ja<br>Suzan het nie geweet dat Kaaitjie in 'n verhouding is nie./Dit is die eerste keer dat Kaaitjie enige nuus oor haar lewe nie met haar suster en ma deel nie.✓<br>Kaaitjie se optrede pas nie in by die waardes wat hulle ma/tant Wonnie vir hulle geleer het nie. ✓ | 1<br>1 |
| 11.3 | Ja<br>Dit skep spanning/afwagting/nuuskierigheid by Suzan/die leser omdat Suzan/die leser nie weet wie die jong man is nie. ✓ | 1 |
| 11.4 | Kaaitjie het die jong man van Suzan vertel. ✓ | 1 |
| 11.5 | Suzan was 'n sterk meisie./kon werk verrig wat vir seuns bedoel was.<br>Suzan kon koeie melk sodat hulle nie honger gaan slaap het nie.<br>Suzan was nie skaam vir werk nie./fluks. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 11.6 | Nee<br>Kaaitjie stel hom trots aan Suzan voor./noem hom "liefling"./is eerder skaam dat sy hom "liefling" voor Suzan noem. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.*<br><br>**EN**<br><br>Goedgemanierdheid/Respekvolheid ✓ | 1<br><br>1 |
| 11.7.1 | Dit impliseer dat hy in 'n bevoorregte huis grootgeword het./uit 'n geleerde huis kom./fyn opgevoed is. ✓ | 1 |
| 11.7.2 | As Kaatjie in die afloop van die roman sterf, trou hy met Suzan. ✓ | 1 |
| 11.8 | Martha (Settie) September het Tant Wonnie vals beskuldig dat sy haar ring gesteel het. ✓<br><br>**EN**<br><br>Hulle ma/Tant Wonnie is in hegtenis geneem. ✓<br><br>**EN**<br><br>Kenneth het Tant Wonnie se waardes deur haar dogters leer ken./Hy is verstom dat iemand 'n ander persoon doelbewus vals beskuldig./te na kom. ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.9 | Dit is Kaaitjie se salaris./betaling./loon. ✓<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Kaaitjie sal nie 'n goeie werk kry nie, want sy is onopgevoed./ongeleerd. ✓<br>Kaaitjie sterf. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br><br>1<br>1 |
| 11.10 | Grootwordjare:<br>Kenneth se ouers was bevoorreg, terwyl Kaaitjie se ouers swaar gekry het./ Kenneth het by sy pa én ma grootgeword, terwyl Kaaitjie by 'n enkelma grootgeword het./ ✓<br>Kenneth se ouers was geleerde mense terwyl Kaatjie se ma slegs 'n wasvrou was. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die verskil vir EEN punt elk verwys.*<br><br>**EN**<br><br>Beroepe:<br>Kenneth het kwalifikasies, terwyl Kaaitjie geen opvoeding/skoolopleiding het nie. ✓<br>Kenneth was 'n gerespekteerde skrynwerker, terwyl Kaaitjie as 'n minderwaardige kinderoppasser gewerk het. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die verskil vir EEN punt elk verwys.* | <br><br>1<br><br>1<br><br><br><br><br><br>1<br><br>1 |
| 11.11 | Mededeelsaamheid ✓<br>Goeie maniere/Onberispelike optrede/gedrag ✓<br>Medemenslikheid ✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | <br><br>3 |
| | | **[25]** |

**VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**E – ENGEL**

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

[HAT-verklaring van spanning: Onrustige afwagting; aanhoudende gevoel van bekommernis; 'n gevoel wat bestaan wanneer mense mekaar nie vertrou nie en mekaar enige oomblik kan aanval; toestand/verhouding wat tot 'n breuk kan lei; dreigende vyandskap.]

| ARGUMENT | MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Iris beskou die Engel as 'n werklike wese wat sy by haar ouma geërf het, maar die Engel beweer dat hy bloot deel van haar verbeelding is, wat spanning tussen hulle meebring**. | Tydens haar hospitaalverblyf in Vermont het die Engel en Iris verskil oor die vraag of hy deel van haar verbeelding of 'n werklike teenwoordigheid is. | Bl. 178: "*Jy het my opgeroep," het hy gesê. "Jy het my een van jou fantasieë gemaak."*<br>*"Jy's alles behalwe 'n fantasie. Ek sien jou met my eie oë. Jou linkervlerk se punt het 'n modderspatsel op."* |
| **Iris verwag dat die Engel haar met raad en leiding moet bystaan. Wanneer hy dit nie doen nie, lei dit dikwels tot spanning tussen die Engel en Iris.** | Iris verwag dat die Engel die tradisionele rolle as raadgewer en voorspeller van die toekoms moet speel, maar hy kap terug en sê dat dit nie sy rol is nie. | Bl. 179: *"My land is nie joune nie," het hy gesê. "En ek is nie 'n sterrewiggelaar of fortuinverteller nie …"*<br>*"Maar tog," het ek gestry.* |
| **Iris dink die Engel het as raadgewer gefaal as die vakansie in Vermont nie uitwerk soos sy gehoop het nie. Dit lei tot wroeging by haar, asook 'n konfrontasie met die Engel en met Bettie.** | Iris kies om saam met Peter Vermont toe te gaan. In Vermont voel sy egter dikwels dat die Engel haar onder 'n wanindruk bring en twyfel sy of sy die regte keuse gemaak het, aangesien Bettie en die kinders die vakansie dikwels onaangenaam maak. | Bl. 136: *Ek het my voorgeneem om buite te gaan stap sodat ek privaat met die Engel kon gesels. Ek het gevoel na 'n belegger wat misleidende advies gegee was.* |
| | Bettie verwyt Iris dat sy haar rug gekeer het op 'n lewensveranderende geleentheid soos 'n modelkontrak. | Bl. 137: *… en haar vertel van die modelleerkontrak …*<br>*"Nee!" het Bettie gekryt. … "Jy moes dit nie gedoen het nie! So 'n kans kry 'n mens net een keer in 'n leeftyd."*<br>*Ek het nie krag gehad om haar te vertel van die Engel se neerbuigende "Jou dom aap" nie.* |

| | | |
|---|---|---|
| **Iris verwag dat die Engel in Vermont die kas met gif moet oppas soos sy gevra het. Toe Bettie sê sy het gif gedrink, is daar spanning tussen Iris en die Engel wanneer sy hom verwyt dat hy dit nie gedoen het nie.** | Nadat Iris kennis neem van Bettie se neerslagtigheid en die baie tipes gif wat in die kombuiskas gestoor is, sien, vra sy die Engel om 'n oog oor die kas te hou.<br><br>As Iris dan by Bettie kom wat aanvanklik sê dat sy gif ingeneem het, is sy woedend vir die Engel en lus om hom te klap. Later beskuldig sy hom dat hy as beskermengel gefaal het. | Bl. 163: *Die Engel het swyend in die gang gestaan en ek was lus en klap na hom. Waar was hy toe sy met die gif gefoeter het?*<br><br>Bl. 177: *"Ek weet nie waarvan jy moeg is nie," het ek gesê. "As beskermengel het jy gefaal."*<br>"*Sy't nie regtig gif gedrink nie," het hy gesê.*<br>*"Dank jou die duiwel," het ek bitsig geantwoord.*<br>*Hy het sy vlerk gepynig oor sy gesig gevou. "Asseblief."* |
| **Iris se verwagting dat die Engel haar kom wakker maak om Bettie te red sodat sy haar blomtyd te bereik, realiseer nie. Iris is daarna in vertwyfeling en sy beleef spanning oor haar lewensfilosofie.** | Nadat Iris nie haar blomtyd beleef deur Bettie se redder te wees nie, voel sy dat haar lewensfilosofie nie meer stand hou nie, maar die Engel weier soos altyd om klinkklare antwoorde vir haar te gee. Daarom wroeg sy oor die verband tussen gebeure en wat die toekoms vir haar inhou. In hierdie proses voel sy dat die Engel haar nie onderskraag nie. | Bl. 187: *"Wat probeer jy sê?" het hy gevra.*<br>*Ek was gekrenk. "Niks nie."*<br>*" ... Gebeur dinge nie maar sommerso nie? …"*<br>*"Is so," het die Engel saamgestem.*<br>*… Wat baat 'n Engel as hy jou nie kan onderskraag nie?* |
| **Iris verwag van die Engel om haar toekoms uit te lê. Hy weier om dit te doen en sê sy moet dit self doen, wat vir haar bedrukkend is.** | Haar eie toekomsverwagting veroorsaak spanning by Iris, omdat sy gekonfronteer word met die gedagte van agter-uitgang van alles waarvoor sy lief is en die angs wat daarmee gepaardgaan. | Bl. 182: *"Hoe vorder jy?" het die Engel gevra.*<br>*"Dis bedrukkend," het ek erken.*<br>*"Maar tog fassinerend. Dis moeilik omdat die toekoms oud word beteken. Aftakeling. Die wegval van geliefdes. Maar fassinerend omdat alles moontlik is voor dan."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Iris verwag dat die Engel as 'n tipiese beskermengel moet optree vir haar en diegene naby aan haar. Wanneer die Engel in Iris se oë faal, lei dit tot spanning, maar ook selfondersoek by Iris.** | Sy sê die Engel het weer drooggemaak nadat Hannes, in Elsa se oë, die misstap begaan het om haar te verkul met 'n student.<br><br>Die Engel se nonchalante houding na die ongeluk waarin Peter se oë beseer word, ontketen Iris se woede. Sy beweer dat hy altyd daar rond is, maar hy is nooit daar wanneer sy hulp regtig nodig is nie. Die Engel se reaksie hierop is dat hy nie verantwoordelik vir Iris en haar mense is nie. Dit bring 'n diepe skaamte by Iris oor haar oordrewe reaksie.<br><br>Iris en die Engel het 'n woorde-wisseling, omdat hy nie die stoof afsit toe die vleis brand nie. Die Engel verdedig homself deur te sê dat hy vuur haat en nie haar kneg is nie. Sy moet haar eie lesse leer.<br><br>Iris wil hê dat die Engel eerder 'n ogie oor haar ma moet gaan hou**.** Die Engel mor en beskuldig Iris daarvan dat sy van hom ontslae wil raak as sy voorstel dat haar ma hom nodiger as sy het. | Bl. 195: *"Jy het weer drooggemaak," het ek verwyt. "Waar was jy toe jy 'n oog oor die man moes hou?"*<br><br>Bl. 217: *"Nou het jy te ver gegaan," het ek getier … "Jy behoort van jou vlerke gestroop te word. … Jy is die naam beskermengel nie werd nie. Jy sit hier om my rond asof jy niks beter te doen het nie en bly ver weg waar jou hulp regtig nodig is." "Ek is nie verantwoordelik vir jou en jou mense nie," het hy kalm gesê.*<br>Bl. 218: *… maar ook omdat ek beskaamd was oor my uitbarsting.*<br><br>Bl. 210: *Toe ek die vleis laat aanbrand het, het hy niks gedoen om dit te keer nie. Ek moes self leer, het hy gesê toe ek hom daaroor aanspreek, en buitendien was hy nie my kneg nie.*<br><br>Bl. 214: *"So maklik ontslaan jy my nie," het hy gemor.* |
| **Iris se verwagting van die Engel is dat hy in wese aanvaarbaar sal wees vir diegene naby aan haar. Daar is onmiddellike spanning tussen haar en Peter se pa oor die bestaan van die Engel.** | Peter se pa is onmiddellik teen die idee van 'n bonatuurlike wese (soos 'n engel) in Iris se lewe gekant.<br><br>Hierdie verwagting van Iris wat nie realiseer nie, loop uit op 'n konfrontasie tydens die troue as die oom ontevrede is oor die Engel se teenwoordigheid. Iris weier om hom iets anders as "oom" te noem, omdat hy nie die Engel aanvaar nie en daarom, volgens Iris, ook nie vir haar nie. | Bl. 199: *"Kwit," het hy gesê. "Die kind sien gesigte." "Jy bring nie geeste met jou saam nie."*<br>Bl. 203: *"Pa sê jy kan goël,..." Dwarsdeur die ete het die oom my onderlangs dopgehou.*<br><br>Bl. 208: *Ek het die oom vas in die oë gekyk en hy het geweet as hy my wil aanvaar, moet hy die Engel ook.*<br>Bl. 210: *"Jou pa dink ek is 'n heks,"* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG**

| | | |
|---|---|---|
| 13.1.1 | Kara wil 'n non word (wat sou beteken dat sy nie mag trou/kinders kry nie). ✓ | 1 |
| 13.1.2 | Nee<br>Kara was later baie gelukkig om swanger te wees./wou 'n huis vol kinders van elke kleur in die reënboog hê. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 13.2 | Ja<br>Kara raak verlief op 'n man wat nie wit is nie en 'n mens sou verwag dat haar gesin dit sou afkeur, maar in werklikheid swig die gesin dadelik voor sy sjarme./aanvaar die verhouding./<br>'n Mens sou verwag dat die bruin huishoudster, Johanna, dit sou goedkeur, maar sy is in werklikheid die enigste van die huismense wat (aanvanklik) 'n rassistiese opmerking oor hom maak. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie vir EEN punt aanbied.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 13.3.1 | Elsa is egosentries./selfbehep./eis alle aandag vir haarself op. ✓<br><br>*Die kandidaat kan die karaktertrek omskryf.* | 1 |
| 13.3.2 | Dit laat Iris dikwels soos 'n buitestander voel./voel dat sy minder belangrik is./uitsien na haar blomtyd./voel dat niemand regtig na haar luister nie. ✓<br><br>**EN**<br><br>Iris se ma het dadelik na haar geboorte aan die slaap geraak./beweer sy kan nie veel van die geboorte onthou nie./<br>Iris se pa was nie teenwoordig nie./<br>Iris was die derde dogter en daarom het niks aan die geboorte nuut gevoel nie./<br>Iris se susters was nie baie beïndruk met die aankomeling nie./<br>Daar was nie 'n familienaam vir Iris oor nie./<br>Iris moes later hoor sy was 'n glips. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 13.4.1 | Eerstepersoonsverteller/Ek-verteller ✓<br><br>**EN**<br><br>Dit wys hier duidelik aan die leser hoe Iris se fantasieë deur die werklikheid gevoed word./<br>Dit gee aan die leser Iris se siening oor die geboorte van haar susterskind/haar suster se karakter duidelik weer./<br>Dit dui vir die leser Iris se beheptheid met fantasie, om minder aangename dinge in die werklikheid te omseil, aan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.4.2 | Die tradisionele siening van 'n vrou wat geboorte skenk, word deur Elsa verbreek deurdat sy mooi en goedversorgd is na die geboorte./in detail vertel hoe wonderlik die geboorteproses was. ✓<br><br>**EN**<br><br>Elsa het aangekondig dat sy en Hannes gaan trou (Hannes het nie die aankondiging gedoen nie)./<br>Hannes is vier jaar jonger as Elsa./<br>Elsa se troue is onromanties./<br>Elsa is die broodwinner in die huis. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.5 | Greta is die heldin./Iris se alter ego (in een van die langste verhale wat Iris in haar verbeelding geskep het). ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die regte Peter wat Iris ontmoet, lyk dieselfde/het dieselfde naam as die verbeeldings-Peter in die Greta-verhaal; daarom gaan Iris saam met Peter na sy woonstel toe. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.6 | Hy boer (na sy aftrede) op sy Bosveldplaas. ✓ | 1 |
| 13.7 | Dienaar van die hoër gode ✓ | 1 |
| 13.8.1 | Die vertelling laat haar spesiaal voel (want die ouma laat haar glo dat sy net vir Iris van die Engel vertel het). ✓ | 1 |
| 13.8.2 | Ja<br>Hoewel hy selde reguit raad gee, gee hy Iris gemoedsrus oor haar liefde vir Peter./dat haar naam nie haar lewe bepaal nie./dat Peter se oogbesering sal herstel.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Nadat Bettie naar word en hy Iris wakker maak, lei dit daartoe dat sy onder 'n wanindruk verkeer./haar been breek./<br>Hy keer nie dat Peter sy oogbesering opdoen nie en dit lei tot konflik tussen Iris en die Engel./geweldige ontsteltenis by Iris./<br>Hy weier om vir Iris die toekoms te voorspel,/as beskermer op te tree, wat haar ontstel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied EEN antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.9.1 | Die ma se opmerking skep die verwagting dat Iris verlief op Frederik is, maar in werklikheid het sy hom as lastig ervaar en wou geen romantiese verhouding met hom hê nie./het die toenadering net van sy kant gekom. ✓<br><br>*Die kandidaat moet beide kante van die ironie vir EEN punt aanbied.* | 1 |
| 13.9.2 | Ja<br>Sy opdringerigheid/manipulasie elke slag as sy sy attensies verwerp, laat haar op die ingewing van die oomblik besluit om haar kaartjie na Amerika te bespreek (omdat sy van hom wil ontsnap). ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 13.10 | Sy kry die geleentheid om die nuwe, groot model te wees (en so te blom). ✓<br>Sy dink sy red Bettie van selfdood (en kan so as heldin blom). ✓<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Peter is nie in New York as sy daar aankom nie./<br>Daar is konflik tussen haar en Peter oor Frederik./die modelkontrak./<br>Die prentjiemooi Vermont lei nie tot 'n romantiese atmosfeer nie vanweë die konflik tussen Bettie en die kinders./<br>Sy breek haar been en dit groei skeef aan./<br>Peter se irritasie met haar blomtyd veroorsaak konflik. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.*<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br>1<br><br><br><br>1 |
| 13.11 | Die Spieël ✓<br><br>**EN**<br><br>Peter dreig om van Iris te skei as sy by so 'n groep/organisasie sal aansluit. ✓ | 1<br><br>1 |
| 13.12 | Sy vlug van die werklikheid/probeer die werklikheid verbeter/meer interessant maak deur in haar verbeeldingswêreld te leef soos met die skep van Greta se verhaal in TEKS G. ✓<br><br>**EN**<br><br>Sy is prakties/pragmaties/eerlik oor haar tekortkominge in TEKS H. ✓ | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

## AFDELING C: DRAMA

**B – BEVRYDING**

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **Die tema van bevryding is nie regtig op Map/Johnnie van toepassing in sy tienerjare nie.** | Die lewe op skool was nie noodwendig vir Johnnie/Map sleg nie: hy het akademies presteer en met Blanchie uitgegaan. | Bl. 13*: In 'n terugflits, Map en Blanchie as tienderjarige seun en dogter, nog op skool*./<br>Bl. 15: *MAP: (lag, sinies): Johnnie ... Klink mooi, Johnnie ...* |
| **Dit is eers nadat Map/ Johnnie matriek geslaag het dat hy sy behoefte aan bevryding uit sy omstan-dighede/vasgevangendheid begin besef het.** | Die feit dat Map/Johnnie sukkel om 'n ordentlike werk te kry, maak hom desperaat./ gefrustreerd. Hy besef hy is as gevolg van die Apartheids-bestel nie vry om te kies wat hy met sy lewe wil doen nie. | Bl. 31: *MAP: Ek het matriek gemaak, standerd tien. Ek wiet Ma het baie gehoop op my. Maar, well, daar was nie geld vir verder leer nie, en toe ek 'n job soek, 'n goeie werk, well, 'it was alles vir whites only ...* |
| **Map vind tydelike bevryding uit sy omstandighede deur by die orkes/Star of Redemption aan te sluit.** | Die leiersrol wat Map in Oompie Paulsen se orkes vervul, bied vir hom tydelike bevryding in die sin dat hy menswaardig/nuttig voel. | Bl. 43: *TOMMY: 'Cause die sax is special, en daai was jy ... Ek onthou nog, die jaar, so twee jaar, drie jaar voor jou ... trouble, man ... toe julle al die koppe gevat het daar op die Common ... Ek sal nooit vergiet daai solo nie ... dit was net jy en die sax en die sax en jy, ... Maar hél, die sax en jy, bo almal ýt ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Map soek bevryding uit sy omstandighede deur by 'n bende/bendes aan te sluit, maar vind dat hy eerder in 'n nuwe tronk vasgevang is.** | Die bende se erkenning van sy identiteit/leierskap is goed vir Map se ego. Die bende manipuleer hom sodat hy instem tot vroue se verkragting. | Bl. 31: *MAP*: *Kan jy sien die tattoos, al die merke? ... 'it was 'n terrible gesoek seker, vir 'n identity ... 'is verskriklike merke dié, maar dis nog altyd deel van my kaart, 'it wys waar ek gewies het ...*<br>Bl. 24: *MAP*: ... *Ek wil oek iets gewies het ... jy't tog ge-verstaan* ...<br>Bl. 31: *MAP*: *... toe het ek deurmekaar geraak moet ... moet die elemente ... Maar ek was die leader ...* |
| | Map kies binne sy bepaalde omstandighede (saam met die ander bendelede) geweld/misdaad/lewenslange skuldgevoelens oor wat met sy ma en suster gebeur het. | Bl. 33: *MAP: Ek is 'ie leader, verstaan! Okay, sê ek, moet net 'ie lat die vrouens skrie nie! ... Toe vat hulle die vrouens ... Sy skrie ... En toe wiet ek, 'cause 'it was onse manier, toe wiet ek hy wurg die vrou ...* |
| **Map verloor sy letterlike vryheid as hy in die tronk beland vir die moord op Ivan Philander.** | Map se omstandighede word slegter wanneer hy verant-woordelikheid vir sy dade aanvaar./kies om hom aan die polisie oor te gee na die moord op Ivan Philander. Map se vryheid van beweging word verder ingeperk as hy tronkstraf vir die moord op Ivan Philander opgelê word. | Bl. 35: *MAP*: *Toe's ek poliesstasie toe, na die sergeant op nightduty ... Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt, vi' die boeie ... Ek het myself op-gegie. Ek het getry om 'it ... soes 'n man te vat ...* |
| | As tronkvoël ervaar Map die verwerping en belediging van die gemeenskap, want hy word skuldig bevind aan moord en gaan tronk toe. | Bl. 7: *RICHIE: ... hy't 'n oeg op haar gehad, voordat hy in is, die vark!*<br>Bl. 23: *CAVERNELIS:* ... *Hy's 'n ... 'n misdadiger ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Map vind geestelike bevry-ding in die tronk.** | Wanneer Map in die tronk tot bekering kom, kies hy om verantwoordelikheid vir sy dade te aanvaar; kies hy ook om voor God, Apostel George en sy ma sy skuld te bely en om vergifnis te smeek.<br><br>Uiteindelik verander Map sodanig/ontwikkel sy karakter sodat hy ten gunste van 'n beter toekoms/'n veranderde menswees kies: hy erken self, na sy bekering, dat hy 'n lewe vol gemors agterlaat en 'n veranderde mens is. Hy kyk met ander oë na sy omstandighede, sy verlede en sy toekoms. Map verkry dus ook emosionele bevry-ding van sy eie skuld-gevoelens. | Bl. 33: *MAP: O God, vergewe my! ...*<br>*APOSTEL GEORGE: Die Here vergewe ...*<br>Bl. 32: *APOSTEL GEORGE: ... jy's nou gered, broer Jacobs ...*<br><br>Bl. 9: *MAP: Ek is 'n ge-change-de man, ... ek het die Here Jesus gevind hierso, regtig, ek sal nie lieg nie ...*<br>Bl. 31: *MAP: So hierso acknowledge ek nou, my Here ... In die teenwoor-digheid van my ma en Apostel George ... jy moet die guts hê, en alles sê voor God!*<br>Bl. 46: *MAP*: ... *ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change, ek het weer 'n mens geword ...* |
| **Na Map se vrylating uit die tronk ervaar hy weer dieselfde vasgevangend-heid/troosteloosheid soos toe hy pas uit matriek gekom het.** | Map kry weer eens nie werk nie, veral noudat hy 'n reputasie as tronkvoël het.<br><br>Map word nie deur die lede van die Star of Redemption terugverwelkom nie. | Bl. 44: *MAP: Almal hier, almal in hierdie strate, in hierdie huise, almal ... (Lag.) En die employers, o, almal die employers ... Hulle almal is so sympathetic ... But ... (sê dit baie hard) but, but, but ...*<br>Bl. 45: *MAP: En jou rekord, mister Jacobs, was vir ...? O, dit was vir, dit is vir ... vir ... moord! Hulle sê dan vir jou, om maar tyd op te maak, 'cause hulle't kant en klaar ge-decide ...*<br>Bl. 45: *MAP: (Lag) Ma! Dan wil ek skree en ek wil sê, Well, nee, except vir my tattoos nie ... maar dan bly ek stil ...*<br><br>Bl. 46: *MAP*: *Die band nét so, Oompie Paulsen-hulle ... even húlle, net so, dieselfde ... Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee ...* |

| | | |
|---|---|---|
| **Map verkry emosionele bevryding voordat hy en Blanchie versoen raak.** | Map bely sy skuld eerlik teenoor Blanchie en kom op 'n figuurlike vlak skoon voor haar. | Bl. 60: *MAP*: *... Ek het vir jou ... alles ge-vertel ... Blanchie ... Hulle hou mekaar styf vas. Soen mekaar hartstogtelik.*<br>Bl. 60: *MAP*: *Dit ... moet nou so ... gebeur ... Blanchie ... Dit moet nou ... so gebeur ...*<br>Bl. 11: *MAP*: ... *Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!* |
| | Map vergewe Blanchie oor haar verlede, aangesien hy besef dat dit wat hy gedoen het, soveel erger was. | Bl. 46: *MAP: Ek mind nie wat Blanchie gedoen het meanwhile nie, ... Here Jesus, wie is ekke om te mind! ... ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer gechange, ek het weer 'n mens geword ...* |
| **Alhoewel Map hierna steeds nie fisiese bevryding uit sy omstandighede vind nie, is daar tog die suggestie van 'n beter toekoms as hy ook ten volle deur sy ma/die gemeenskap vergewe word.** | Die geluid van die saxofoon se spel – soos wat Johnnie dit altyd gespeel het – skep die verwagting dat hy ook deur die orkes aanvaar gaan word./by die orkes/die gemeenskap weer 'n leiersposisie sal inneem. | Bl. 61-62: *Dan verskyn Antie Grootmeisie. Sy loop tot by Map, kýk vir hom ... Hulle kyk vir mekaar – Map en Antie Grootmeisie. Dan wend Map sy oë af en hy hoor – en óns hoor – die saxofoon, soos hy dit gespeel het, voorheen. Hy luister: Sy glimlag. Dan, terwyl hy Blanchie vashou, kniel Map – hy val half – voor Antie Grootmeisie neer.*<br>*ANTIE GROOTMEISIE (praat, vir die eerste keer in jare): Johnnie ...* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

**OF**

## VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Sy ma/AntieGrootmeisie ✓ | 1 |
| 15.2 | Map bid dat die paroolraad sy parool gunstig sal oorweeg./hy vroeër vrygelaat kan word./<br>Map bid dat sy ma sal glo dat hy verander het./bekeer is./hom sal vergeef./<br>Map bid dat hy weer in kontak met Blanchie kom./deur Blanchie vergewe word./<br>Map bid dat die samelewing hom weer sal aanvaar./vir hom ŉ werk sal gee. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.3.1 | Desember(maand) ✓ | 1 |
| 15.3.2 | Krismis/Kersfees is in Desember(maand). ✓<br>Map se vrylating is in Desember(maand). ✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1 |
| 15.4 | Ja<br>Daar was versagtende omstandighede, omdat hy homself aan die polisie gaan oorgee het.<br>Map het in die tronk by die reëls en regulasies gehou.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Hy het toegelaat dat sy ma verkrag en sussie verkrag en vermoor word en vir so ŉ erge daad verdien niemand parool nie.<br>Hy het Ivan Philander doelbewus vermoor/doodgesteek en verdien daarom nie parool nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.5 | Antie Grootmeisie knik "ja" omdat sy nog steeds stom is en die stomheid dui dus daarop dat sy hom nog nie vergewe het nie./<br>Antie Grootmeisie is die "ene ontsteltenis" omdat sy weet wat in die buitewêreld aangaan: Blanchie werk as prostituut by die salon./as model./het verhoudings met wit mans./wil niks met Map te doen hê nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE redes vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.6 | Map verwag dat alles na sy vrylating sal regkom, maar besef dan dat niks eintlik gunstig vir hom uitwerk nie. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die ironie vir EEN PUNT verwys.*<br><br>**EN**<br><br>Map kry steeds nie werk nie (omdat hy in die tronk was)./<br>Map is nou 'n tronkvoël./sy lyf is steeds vol tatoeëermerke./<br>Die Krismisorkes wil hom nie terugvat nie./<br>Almal gee net voor dat hulle simpatie met hom het./<br>Blanchie vermy aanvanklik vir Map./<br>Cavernelis aanvaar hom steeds nie. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>3 |
| 15.7 | Star of the Redemption ✓ | 1 |
| 15.8 | Dit toon aan dat Miriam nie haastig is nie./tydsaam praat./<br>In reël 6 en 7 dui die beletselteken die oorgange tussen verskillende mense wat haar groet, aan./<br>In reël 10 dui die beletselteken Miriam se verleentheid aan. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE bewyse vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.9 | Oompie Paulsen se antwoord versterk die verwagting/idee dat die orkeslede nie vir Map in die orkes gaan terugverwelkom nie./versterk die ironie dat die orkes met die naam, Star of the Redemption, nie vergifnis/genade vir Map toon nie. ✓ | 1 |
| 15.10 | Oompie Paulsen is die leier van die Krismisorkes. ✓<br><br>**EN**<br><br>Oompie Paulsen is bedagsaam (en probeer om vir Miriam aan te dui dat sy nie onder druk is nie)./<br>Oompie Paulsen is diplomaties oor Map se afwesigheid./<br>Oompie Paulsen is eerlik (oor sy orkes se tekortkominge). ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke karaktereienskappe vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 15.11 | Die karakters word deur die apartheidswetgewing/Groepsgebiedewet onderdruk./Die karakters word ten opsigte van werksgeleenthede/lewens-omstandighede benadeel. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Willy La Guma ✓ | 1<br><br>1 |
| 15.12 | In Teks I is die stemming ernstig./desperaat. ✓<br>In Teks J is dit humoristies./lig. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir elke teks vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1 |
| | | **[25]** |

***MIS* – Reza de Wet**

**M – MIEM**
**G – GERTIE**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- **Argumente word aangebied en ondersteun of geïllustreer deur na die teks te verwys.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING/ PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste inleiding aan. | | |
| **MIEM** | | |
| **Die konstabel se koms bied aan Miem bevryding van haar vrees vir die gevaar/moordenaar/ verkragter wat op hierdie aand gaan toeslaan.** | Miem was baie bekommerd oor haar en Meisie se veiligheid. Sy het deure en vensters toegesluit in 'n poging om hulle veilig te hou. Na Konstabel se koms, verwys Miem verskeie kere na hom wat hulle veilig sal hou. | Bl. 43: *En dankie vir u hulp, Konstabel. Sonder u sou ons nie 'n oog kon toemaak nie.* |
| **Die konstabel se manipulerende taal bevry Miem van verskeie beperkende gevoelens/ gedagtes.** | Miem voel spesiaal omdat die konstabel deel is van 'n ontplooide waakeenheid wat hulle moet oppas, omdat hulle so afgesonderd bly. Konstabel bevry haar op hierdie wyse van haar gevoel dat haar mening nie gewig dra nie. | Bl.15: *Deel van die ontplooide waakeenheid. En ek is hierheen gestuur. Julle bly so afgesonderd. Dit kan gevaarlik wees*.<br>Bl.18: *Ek word gebruik vir … spesiale gevalle.* |
| | Die koms van die ontplooide waakeenheid waarvan Konstabel deel was, wys dat die sersant hulle ernstig opgeneem het. Hy het Miem se behoefte aan menswaardigheid aangespreek en sy kry bevryding daarvan om net 'n randfiguur in die gemeenskap te wees. | Bl. 20: *Ons vertel hom alles en toe ons klaar is, kyk hy na ons en sê – o, ek sal dit nooit vergeet nie – hy sê: Dames, julle het gelyk! Hier is beslis iets nie pluis nie!* |

| | | |
|---|---|---|
| | Met die konstabel se koms voel Miem bevry van haar alleen-verantwoordelikheid vir Meisie se veiligheid.<br><br>Konstabel se koms bied aan Miem die geleentheid om van haar opgekropte gevoelens wat sy met niemand kon deel nie, ontslae te raak. Sy moes as broodwinner/gesagsfiguur van die gesin optree. Konstabel wat na haar luister, skep die geleentheid vir Miem om haar gevoelens te openbaar. | Bl. 21: *Maar wees gerus. (Glimlag) Ek is hier om so 'n plan te fnuik.*<br><br>Bl.47: *MIEM: Dit is so lank laas ... lank laas ... dat 'n man vir my goeienag gesê het. (Huil) As ek hom net kon sien! Net een keer. Voor die dood ons skei.* |
| **Miem sien die koms van die konstabel as 'n tydelike ontvlugting uit haar uit-siglose bestaan.** | Miem moedig 'n moontlike verhouding tussen Meisie en die konstabel aan, omdat sy glo dat, indien Meisie sal trou, Gabriël uit die solder na haar sal terugkom.<br><br>Konstabel tree as biegvader op en bied aan haar die geleent-heid om haar afkeer van die armoedige omstandighede waarin sy haar bevind, te bely. | Bl. 24: *Meisie kook die heerlikste kos, weet u? Sy maak die beste bredie in die distrik en bak die ligste koeke. Om nie eers te praat van lamsboud en terte nie ...*<br>Bl. 48: *Ek is seker hy sal afkom ... as Meisie die dag trou.*<br><br>Bl. 31: *Van na die Depressie af. Dit was vir my arme man te veel. (Sug) 'n Tiekie vir 'n skaap.*<br>Bl. 47*: Ons het net genoeg gehad om hierdie lappie grond te koop. Hierdie pondokkie.* |
| **Miem vind tydelike seksuele bevryding in die konstabel se blote teenwoordigheid.** | Miem mis die teenwoordigheid van haar man as 'n metgesel. Sy is 'n eensame vrou ten spyte van haar harde uiterlike. Konstabel se teenwoordigheid laat haar spesiaal voel en bied aan haar die geleentheid om haar diepste gevoelens met hom te deel.<br><br>Miem erken dat die konstabel se teenwoordigheid iets in haar aanwakker wat sy lank laas gevoel het. Sy voel weer soos 'n ware vrou, al is sy oud en sieklik. | Bl.47: *MIEM: Dit is so lank laas ... lank laas ... dat 'n man vir my goeienag gesê het. (Huil) As ek hom net kon sien! Net een keer. Voor die dood ons skei.*<br><br>Bl. 48: *Ek moet erken, Konstabel ... om 'n man hier te sien ... dié tyd van die nag ... wel ... dit maak weer dinge in my wakker. Ja, selfs 'n sieklike vrou van my jare. As 'n mens gewoond is aan ...* |

| | | |
|---|---|---|
| | Met Konstabel wat blind en 'n vreemdeling is, voel Miem dat sy gemaklik oor seksuele aangeleenthede met hom kan praat, wat haar bevry van die Calvinistiese ingeperktheid waaraan sy haar onderwerp. | Bl. 24: *Ja, dankie. My borstrok was net 'n bietjie styf.*<br>Bl. 25: *Sy is viets en fyn. (Suggestief) Maar haar heupe is tog breed genoeg.* |
| **Die bevryding wat Miem beleef, is net 'n skyn.** | Konstabel se motiewe is nie wat Miem dink nie en dit veroorsaak dat nie een van haar behoeftes aan bevryding verwesenlik word nie. Sy word inteendeel in 'n swakker posisie gelaat, met Meisie wat haar verlaat. | Bl.52: *Hy maak 'n effense buiginkie en wys haar met 'n sjarmante handgebaar by die deur uit ... Dan verdwyn hy die nag in.* |
| **GERTIE** | | |
| **Die konstabel se koms bied aan Gertie bevryding van haar vrees vir die gevaar/ moordenaar/verkragter wat op hierdie aand gaan toeslaan.** | Gertie loer deur die sleutelgat en sien 'n man in 'n polisie-uniform met 'n indrukwekkende voorkoms. Sy het onmiddellik besef dat hy haar van die vrees vir die moontlike gebeure van hierdie aand kan bevry. | Bl. 15: *Selfs in die donker kan ek sien hy het 'n goeie houding. Regop rug. Skouers terug. So 'n man kan 'n mens vertrou.*<br>Bl. 20: *Ek was besig om te sê dat ons so dankbaar is om u vanaand by ons te hê.* |
| **Die koms van die ontplooide waakeenheid waarvan Konstabel deel was, wys dat die sersant hulle ernstig opgeneem het en bevry haar so van 'n gevoel van minderwaardigheid.** | Konstabel het Gertie se behoefte aan menswaardigheid aangespreek en sy kry bevryding van net 'n randfiguur in die gemeenskap wees. | Bl. 13: *Die sersant is 'n verstandige man.Hy het ander polisie en honde laat kom. Om die dorp en die distrik te patrolleer.*<br>Bl. 20: *Ons vertel hom alles en toe ons klaar is, kyk hy na ons en sê – o, ek sal dit nooit vergeet nie – hy sê: Dames, julle het gelyk! Hier is beslis iets nie pluis nie!* |
| **Die koms van die konstabel bevry Gertie van Miem se oorheersing/onderdanigheid aan Miem se dominerende persoonlikheid.** | Gertie sien kans om as gevolg van die konstabel se teenwoordigheid Miem teë te gaan. | Bl. 32: *Miem! Mens vra nie sulke dinge nie.*<br>*Bl. 40: Ek is jammer, Miem, maar daar maak jy 'n fout. 'n Blinde mens lyk altyd jonger.* |
| **Die koms van Konstabel bied aan Gertie die geleentheid om van haar oujongnooiskap/eensaamheid bevry te word.** | Gertie is eensaam en daarom smag sy na die teenwoordigheid van 'n man in haar lewe. Sy sien in Konstabel 'n moontlike metgesel. | Bl. 23: *… Is u getroud?*<br>*Ek en die juffrou het gevind ons is albei ewe versigtig … en kieskeurig.* |

| | | |
|---|---|---|
| | Gertie is 'n oujongnooi wat nie in 'n intieme verhouding betrokke is nie en daarom het sy behoefte aan 'n liggaamlike/ intieme verhouding. | Bl. 23 *… Ek is nou wel 'n oujongnooi. Het geen kind of kraai nie ...* *(koketterige laggie) U bedoel van trou en perdekoop?* |
| **Konstabel se teenwoordigheid bied aan Gertie die geleentheid om bevry te word van haar behoefte aan sensualiteit.** | Tydens die konstabel se vertelling van sy tant Hannie kry sy die geleentheid om begeerlik te wees,/begeer te word, aangesien sy haar geheel en al inleef in die persona van tant Hannie. | Bl. 45: *(lag uitasem, met 'n koketterige, vreemde stem)* *Nog. (Sag en byna smekend) Nog as u wil.* Bl. 46: *GERTIE streel met haar vingerpunte oor haar gesig. Sy glimlag ekstaties.* *GERTIE begin haar bloes stadig losknoop*. Bl. 47: *GERTIE streel haar palms langs haar sye af. Sy sug van plesier.* |
| **Die bevryding wat Gertie beleef, is net 'n illusie.** | Gertie kyk telkens Konstabel se afjakke mis/voel skaam as Miem op haar afkom nadat sy haar as tant Hannie uitleef en word uiteindelik agtergelaat as Konstabel met Meisie verdwyn. | Bl. 34: *(ruk sy arm weg) Dankie, Juffrou, ek sal self regkom.* Bl. 52: *Hy maak 'n effense buiginkie en wys haar met 'n sjarmante handgebaar by die deur uit ... Dan verdwyn hy die nag in.* |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

## VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG

| | | |
|---|---|---|
| 17.1 | Miem en Meisie is kamer toe (omdat Miem sleg gevoel het). ✓ | 1 |
| 17.2 | Konstabel se glimlag skep die idee dat hy die gesprek met Gertie aanmoedig./ Die ophaal van Konstabel se skouers moedig Gertie aan om te dink dat daar nie iemand anders is nie./dat sy 'n kans staan om sy oog te vang. ✓ | 1 |
| 17.3 | Gertie wil sy aandag op haar vestig./<br>Gertie wil graag (met Konstabel) trou./<br>Gertie wil aandui dat sy ook enkellopend is./die rede waarom sy nie getroud is nie, haar kieskeurigheid is. ✓<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Die konstabel stel nie belang in Gertie nie, want hy oortuig vir Meisie aan die einde van die drama om saam met hom te verdwyn (nie Gertie nie)./Gertie se vergeefse intensies word juis hierdeur uitgebeeld. ✓<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.4 | Miem vra dat Gertie van die fratse moet vertel./<br>Miem vra Konstabel uit na waar hy vandaan kom./<br>Miem vra Konstabel uit oor sy ondervinding van spesiale gevalle./<br>Miem vra die konstabel hoe hy blind geword het. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE toepaslike antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 17.5 | Meisie loer by die venster uit. ✓ | 1 |
| 17.6 | Miem probeer om vir Meisie aan Konstabel af te smeer./Sy probeer Konstabel met Meisie se deugde beïndruk./Sy hoop dat Konstabel met Meisie sal trou. ✓<br><br>**EN**<br><br>Sy glo dat Gabriël na haar toe sal terugkom/die solder sal verlaat as Meisie trou. ✓<br><br>**EN**<br><br>(MIEM:) "Werklik? U bedoel … u is ook nie getroud nie?" ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.7 | Die woorde dui op Miem se dominerende/manipulerende/oorredende aard. ✓<br><br>**EN**<br><br>Nee<br>Meisie is oud genoeg om haar eie besluite te neem./kan vir haarself besluit.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Sy is Meisie se ma en kan namens haar besluit./As Calvinis glo Miem dat ouers beheer het oor hulle kind. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 17.8 | (Die behoefte na) bevryding. ✓ | 1 |
| 17.9 | Gertie is 'n LO-onderwyseres (vars lug en oefening pas by haar). ✓<br><br>**EN**<br><br>Minagting/Ongeduld/Irritasie ✓<br><br>*Die kandidaat kan Miem se ingesteldheid omskryf.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 17.10.1 | Miem dink dat Gertie na buite vlug om vars lug en oefening te kry, maar in werklikheid weet die leser dat Gertie buitentoe is om haar klere te gaan aantrek./sy verleë is oor haar ontkleding. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na BEIDE kante van die dramatiese ironie vir EEN punt verwys.* | 1 |
| 17.10.2 | Miem/Gertie is bewus daarvan dat daar (vir die voorafgaande twee jaar op hierdie aand) meisies verdwyn het. ✓ | 1 |
| 17.11.1 | Ja<br>Miem staan in moeilike omstandighede by haar man./bly hoop dat hy sal afkom./bly getrou aan haar (Calvinistiese) beginsels./oortuigings.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Gabriël se optrede het Miem in ellende gedompel en daarom behoort sy hom eerder te blameer./Miem wat Gabriël hand en mond bedien, versterk sy optrede./haar eie mislike bestaan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.11.2 | Die konstabel is 'n biegvader./iemand wat bereid is om te luister./'n vertroueling. ✓ | 1 |
| 17.12.1 | Versterk:<br>Miem word uitgebeeld as 'n vrou wat swaarkry./die broodwinner is./volle verantwoordelikheid vir Meisie moet neem./deur haar man in die steek gelaat is./<br>Miem tree steeds manipulerend op wanneer sy by Konstabel simpatie vir haar en Meisie probeer wek./<br>Miem is steeds besig om Gabriël te verdedig./lojaal teenoor hom te wees./sy optrede te regverdig. ✓<br><br>**EN**<br><br>Verander:<br>Aanvanklik word Miem as hard/sterk/ongenaakbaar/onsimpatiek/streng/ manipulerend uitgebeeld, terwyl sy hier as kwesbaar/die slagoffer geskets word. ✓<br><br>*Die kandidaat moet na beide kante van die verandering vir EEN punt verwys.* | 1<br><br>1 |
| 17.12.2 | Gabriël beheer sy gevangenskap omdat hy in besit van die solder se sleutel is./<br>Gabriël beheer Miem en Meisie se ellendige omstandighede omdat hulle in sy afwesigheid die huishouding moet bestuur./as broodwinner moet optree./<br>Gabriël beheer Meisie se afwesige tienerlewe omdat sy Miem in al die huishoudelike take moet ondersteun./<br>Gabriël beheer die vroue se sosiale lewe deurdat hulle hom hand en mond moet bedien. ✓ | 1 |
| 17.13 | Gertie mis 'n man in haar lewe, (want sy is 'n oujongnooi) en wil daarom graag trou. ✓<br><br>**EN**<br><br>Miem verlang na haar man (wat al vir sewe jaar in die solder sit). ✓ | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 5–6 | 4 | 3 | 2 | 0–1 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 4 | 3 | 2 | 1 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou